

'N K R I T I E S E B E S K O U I N G V A N D I E

M A L E I S E E N P O R T U G E S E W O O R D E I N A F R I K A A N S .

deur

C.H. P O O L E

Skripsie aangebied ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die
Graad M.A. in Nederlands en Afrikaans
aan die UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD.

----- 1951 -----

The copyright of this thesis is held by the
University of Cape Town.
Reproduction of the whole or any part
may be made for study purposes only, and
not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

I N H O U D S O P G A W E .

INLEIDING

Bl.

1

HOOFSTUK I. Belangstelling in Maleise en Portugese
woorde tot by Hesseling.

4

" II. Wetenskaplike bestudering van Maleise en
Portugese ontlenings in Afr. van Hesseling
tot by Franken.

17

III. Die gebruik van Maleis en Portugees aan die
Kaap in die 17de, 18de en 19de eeu.

32

IV. Nuwe gegewens oor Maleise en Portugese
leengoed in Afrikaans.

42

V. Die Maleise en Portugese woorde in die
Afrikaans van verskillende taalkringe.

52

VI. 'n Poging tot die datering van die Maleise
en Portugese woorde in Afrikaans.

63

GEVOLGTREKKINGS.

68

BIBLIOGRAFIE

72

INLEIDING.

Daar is Maleise en Portugese woorde in Afrikaans wat die volksplanters in 1652 met hul na die Kaap saamgebring het, en daar is woorde wat aan die Kaap self uit die hawe-en slawe taal en uit die taal van die Oosterse bannelinge of hul nageslag in die taal van die Kapenare gekom het. Al sulke Maleise en Portugese woorde sal hier ter sprake kom.

Die Mal. en Port. ontlenings in Afrikaans was nog altyd 'n probleem waarmee taalgeleerdes te kampe gehad het. Daar was altyd heelwat onsekerheid oor baie van hierdie woorde, en dit het gereeld aanleiding tot polemiek gegee. 'n Mate van finaliteit het tot dusver uitgebly oor die afleiding van party woorde en oor die datering van die meeste, sodat ons die saak nog nie as afgehandel kan beskou nie.

Die oorsaak van die moeilikheid is begryplik. Niks is van die spreektaal in die 17de en 18de eeu opgeteken nie, en weinig in die 19de eeu, en 'n literatuur soos vandag bestaan daar nie uit vroeër tyd nie. Wat in die spreektaal wel in die geskifte van vroeër to vinde is, is maar toevallig. Dus moes taalkundiges se ondersoek meestal langs indirekte weë gaan.

Hier sal ons 'n kritiese oorsig gee van die studie van Mal. en Port. woorde in Afr. om tot 'n moontlike opheldering van die probleem te kom. Binne die toelaatbare perke sal ons so deeglik moontlik probeer te werk gaan en veral aandag wy aan nuwe materiaal met ^{en} sedert Prof. Franken se studies in "Die Huisgenoot" van 1930.

Ek het die verkreeë woordvoorraad in die Skiereiland en in 'n paar Bolandse dorpe probeer toe^{ts} om uit te vind watter van hierdie woorde nog bekend is en hoever die bekendheid strek. Ek het onderwysers van Afrikaans (o.a. uit Oudtshoorn, Riversdal, Kimberley) ondervra en die lys aan 'n aantal leerlinge uit verspreide gebiede en aan sowat sestig studente van Ned. en Afr. I en II aan die Unieversiteit van Kaapstad voorgelê. Ook gewone persone, oud en

jonk, het ek ^{2/3}oërvra. Veral by Slamse het ek probeer nagaan watter van die woorde nog by hulle leef. Met die resultaat van hierdie ondersoek hou ons in die vervolg deurgaans rekening. Oor die ander drie Provinsies kan ek nie meer sê as wat deur ander skrywers gesê is nie --- Boshoff, Von Wielligh, e.a. ----- nl. dat baie van die woorde onder behandeling 'n eienaardigheid is van die Afrikaans van die Kaapprovinsie en meer bepaaldelik van die Boland.

Baie van die materiaal oor Mal. en Port. ontlenings in Afri. is taamlik verspreid. Afgesien van die eerste lyste van Changuion, Leibbrandt en Mansvelt, is die meeste oor hierdie woorde geskryf in die werke van Hesseling, Bosman en Boshoff. Maar met hulle was ondersoek in ou Kaapse skriftelike bronne nog nie diep genoeg nie. Sedertdien het nuwe feite aan die lig gekom wat die drie geleerdes se standpunte, miskien nie prinsipiëel nie, maar tog kan affekteer. Hierdie nuwe gegewens veral te vinde in studies van Prof. Franken en ook van Prof. Scholtz, is nog nie eintlik verwerk nie.

Ons doel is 'n kritiese oorsig van die Mal. en Port. woorde in Afr. Die aandag wat besoekers in die begin aan die Kolonistetaal aan die Kaap geskenk het, het veral in verband gestaan met die waargenome afwykings van Nederlands. Veral die afwykinge in woordeskat het aandag geniet. In Hoofstuk I skets ons eers in hooftrekke die ontstaan en groei van hierdie belangstelling in Afr. Waar waarnemers dan klem op die woordeskat lê en hul bepaaldelik met woorde van Mal. en Port. Herkoms bemoei, staan ons natuurlik uitvoeriger stil. In die begin vind ons dat woorde sonder meer opgeteken is, en dit was eers M.L. Wessels (1880) wat die woorde prinsipiëel begin beskou het.

Egter eers met Hesseling (1899) begin 'n nuwe periode in die Afrikaanse taalstudie wat van nou af op 'n ernstige wetenskaplike grondslag rus. Hierdie periode wat met Hesseling begin en die werk van Bosman en Boshoff insluit, behandel ons in Hoofstuk II. Dit is ook die tydperk van die bekendste teorieë oor die ontstaan van Afr. Die voorstanders van die verskillende teorieë het in hul

besondere siening van die vroeë taaltoestande aan die Kaap steun vir hul eie opvattinge gevind. In Hoofstuk III skets ons kortliks hierdie taaltoestande, so objektief moontlik gesien, veral in sover hulle aspekte van die ontlening van Mal. en Port. woorde belig.

In Hoofstuk IV. behandel ons die jongste gegewens oor Mal. en Port. woorde, veral soos te vinde in die studies van Prof. Franken.

In die laaste twee hoofstukke word die drade uit die vorige hoofstukke saamgevat om al die materiaal oorsigtelik te stel. Ons gee daarin 'n indeling van die woorde, bespreek hul datering, en gaan na hoe dit staan met die kennis en gebruik van die woorde vandag in algemene Afrikaans en in die Afrikaans van aparte kringe en bevolkingsgroepe.

-oooooooooooooooooooooooooooo-

HOOFSTUK I.

Voor die begin van die 19de eeu is baie min aandag aan die lotgevalle van die Ned. taal in Suid-Afrika gewy. Wat ons kry, is alleen los opmerkinge oor die aanleer van die taal deur inboorlinge, ingevoerde slawe en ook deur die Franse Hugenote; daar is die opmerking van Kommissaris van Rhee de in 1685 oor die navolging deur blankes van die Hottentotte se ~~kom~~-Nederlands; „ja soodanigh de kinderen van onse Nederlanders haer dat mede aenwendende een gebroken spraek gefondeert werd die onmogelijck sal wesen nae de hand te verwinnen". (Aangehaal deur Bosman bl.18); daar is ook die bekende uitlating van Mentzel van omstreeks 1740 oor die „so weinig reine Hollandisch Mundart" van die boere en die „recht lächerliche Redensarten" van die vroue, bv. die gebruik van ons i.p.v. wij Hess. bl.8). Daar ontbreek egter ten ene male opmerkinge van enige omvang of betekenis oor die wordende Afr. in die 17de en 18de eeu.

Ook oor die nie-Nederlandse tale aan die Kaap gepraat is die inligting uit ou bronne - amptelike stukke en lande reisbeskrywings --- maar karig. Wat Hottentots betref, word in die begin deur besoekers en ander persone aan die Kaap veral nadruk gelê op die moeilikheid wat Europeane ondervind om hierdie taal te leer (Hess. bls. 12-13). Ook word melding gemaak van die Hottentotte se vaardigheid om ander tale aan te leer (Hess. bl. 17). Daar is egter gevalle van Europeane wat Hottentots kon praat --- nog in 17de eeu het die Duitser, Wrede, 'n studie van die taal gemaak en 'n woordelys opgestel, en 'n dertig jaar na hom het J.W. de Grevenbroek 'n studie van die taal geskryf waarby hy 'n woordelys gevoeg het (Hess. Bl. 15); in die 18de eeu word meermale melding gemaak van koloniste wat goed Hottentots kon praat --- egter meestal in die buitewyke van die volksplanting, toe die Hottentotse taal rondom die Kaap al aan die wyk was voor Hollands en die twee ander tale, Port. en Mal. (of 'n gebroke Port. met Maleise elemente) wat veral met die koms van slawe uit die Ooste 'n aansienlike verbreidheid gekry het.

/Wat.....

Hoofstuk I.

Wat hierdie gebroke Port. betref, is daar heelwat aanwysings in vroeë bronne oor die gebruik daarvan aan die Kaap, maar ongelukkig is die aanwysings nie so ondubbelsinnig dat daar geen verskil van mening oor kan ontstaan nie. Moontlik was Port. (toe nog die lingua franca van die Ooste) van die begin af in beperkte gebruik as hawetaal aan die Kaap; dis in elk geval seker dat dit van die begin van die 18de eeu as slawetaal baie algemeen was --- dit getuig nie net Kolbe nie, maar ook Mentzel, Sparrman en Thunberg. Wat meer is, Mentzel, Valentijn en Mev. Kindersley (Ad. 1777) getuig dat baster-Port. of Mal-Port. nie net onder slawe gepraat is nie, maar ook deur die koloniste in verkeer met hul slawe en selfs deur die baster-Hottentotte in die Kolonie (vgl. Hess. bld. 56) oor Mev. Kindersley, en verder Franken Huis. 16 Mei 1930: „Port. en Frans in die Mond van Hottentotte“, veral bl. 65 oor Valentijn).

Ongelukkig rep geen van die ou bronne 'n woord oor watter direkte invloed of die Hottentotse taal of die Mal-Port. mengtaal op die Ned. van die koloniste gehad het nie. Dit skyn asof die saak die vroeë waarnemers nie in die minste geïnteresseer het nie. Mentzel merk wel op dat die Hottentot^{te} hulle taal verryk het met baie woorde afkomstig „aus der sogenannten Portugiesische Sprache, oder vielmehr der in ganzen Orient unter denen Sklaven gebräuchlichen Lingua Franca“, maar oor on^elewings uit die drie tale in die taal van die koloniste laat hy hom nie uit nie.

In die 19de eeu kom daar geliedelik blyke van meer belangstelling in die spreektaal van die koloniste; nie eintlik 'n vermeerdering in die mede^{de}linge oor Afr. nie, maar 'n verandering in die aard van die mededeling. Lichtenstein was die eerste^{ly} wie so 'n nuwe houding aan die lig kom. Hy praat nie alleen van die „kort kragtige Afrikaanse Hollands“ en elders van die verminkte Hollands van die koloniste“ nie, maar het selfs in 'n noot 'n verklaring van

/hierdie.....

6.

Hoofstuk I.

hierdie „verarmte und verderbte --- Sprache, welke nun mehr die allgemeinde auch der Colonisten geworden ist“, probeer gee. In Reisen, dl. 2, bl. 114 vertel hy van 'n boer, De Beer, wat in die Paarl gebore en opgevoed is: „Er hatte Bucher gelesen und sprach in gewählten Ausdrücken, die denn sonderbar mit den platten africanisch - malayischen Dialect contrastierten, in welchen sie vorgetragen wurden“, sodat ons hier die eerste verwysing kry van Maleise invloed op die taal van die koloniste. Ook oor die Hottentotte se taalgebruik maak hy in 'n bylae tot sy werk 'n interessante opmerking, nl. dat daar min van hulle is wat nie Holls. ken nie, of nog hul oorspronklike taal suiwer praat: „Die Mehrsten haben nur noch einzelne Ausdrücke beibehalten; die zu dem gemisch von Holländisch, Portugiesisch und Malaisch, das ohnehin van den Slaven und gemeinen Leuten gesprochen wird, das vierte Ingrediens abgeben“. Ongelukkig gee Lichtenstein ons geen voorbeelde van die taalvermenging wat hy hier waargemeen het nie. Ons sou baie graag van hom 'n lys wou gehad het van Mal. en Port. woorde wat in die gebroke Holls. van Hottentotte en slawe en ook in die "Afrikaans-Hollands" van die blanke bevolking opgeneem was.

In 1825, 8n vyf-en-twintig jaar na Lichtenstein, gee Teenstra 'n betreklik uitvoerige ^{de}medeling oor die „enigermate verbasterde“ Nederlands waarmee hy aan die Kaap kennis gemaak het. In die kort samesprake, geskryf om sy lesers 'n denkbeeld te gee van die soort Holls. wat in die Kolonie gepraat is, laat hy 'n boer en sy vrou drie of vier woorde van Mal. of Port. herkoms gebruik: banja, bottels, nonna, sies, maar hy laat hom nie anders oor die invloed van Mal. en Port. op die taal van die koloniste uit nie, behalwe dat hy in sy aantekeninge oor die gebruik van sekere woorde praat, waaronder genoemde vier en verder haai, nartjie, dageraad, makou, lemmetjie, rokkie, (ramkie?) en tronk, wat later almal in die taalwetenskaplike literatuur i.v.m. Mal. en Port.

Hoofstuk I.

woorde in Afrikaans ter sprake sou kom.

Veel meer uitgesproke is Swaving, wat in 1828 as "Interpreteur en Translateur by het Hooggeregshof" aan die Kaap was, oor "dat soort van bastaard - Hollands, hetwelk hier te lande, onder den boeren en slavenstand, als ook onder de Hottentoten en allerlei andere vrije Heidensche volks-stammen gesproken wordt, en welke zelf meer beschaafden der Christelike en voorname volksklasse niet geheel en al oneigen is. "Hy se dat hierdie baster-Hollands,, opgevuld (is) met een aantal Maleische, Portugeesche en ander be-woordinge van Kaapsch Makeley," maar hy gee toe dat die vir die nuut aangekome Nederlander nie half so onverstaanbaar is as "het zoogenaamd Hollandsch-Kreoolsch" van Nederlands Wes-Indie nie. Swaving verklaar verder dat hy "byna een boekje op zich zelf" sou kon opstel van woorde waarvan die betekenis van die Nederlandse afwyk, maar hy deel ons ongelukkig niks in die besonder mee omtrent Afr. soos dit in sy tyd deur die verskillende klasse van die bevolking gepraat is nie, en nog minder gee hy voorbeelde van die vreemde woorde wat hy meld. (Oor Teenstra en Swaving: Franken, De Huis. 1 Julie 1927.)

Kort hierna kry ons die eerste taalkundige studie oor "Kaapsch Nederduitsch" van die hand van die taalkundige onderlegde Professor in Ned. wat aan die Z.A. Athenaeum in Kaapstad in aangestel is. Hy is A.N.E. Changuion, wat baie ontsteld was oor die agteruitgang van die Ned. Taal aan die Kaap. Met sy werk, 'n grammatika getiteld De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld, in 1844 gepubliseer, wil hy help om hierdie agteruitgang tee te gaan. Agter in sy boek gee hy as 'n soort idioticon anti-barbarum 'n „ Proeva van Kaapsch Taaleigen", die eerste woordelys in Afr. Dit bestaan uit 'n aantal onnederlandse woorde wat hy sonder kommentaar of indeling aangee --- vreemde woorde of Ned. woorde wat aan die Kaap afwyking toon. Daar onder kom by die dertig woorde van Mal. of Port. herkoms voor: aia, amper, atjar, baar, baadjie, basta, baklei, baljaar, baskat, dispens, koejawel, koerang, krabbetjie, laksman, lemoen, maskie, noi, oorlam,

/paaiboelie..

Hoofstuk I.

paaiboelie, piering, sambok, sambreel, seroet, sies, tamaai, tjakkie-tjakkie (?), tjap, tjoerang, tronk en enkele ander wat later dikwels vir Mal. of Port. aangesien is: bottel, kardoes, moveer.

Van geeneen van die woorde het Chang. die herkoms aangegee nie, hoewel hy van verskeie se oorsprong 'n vermoede moes gehad het. In die hoofstuk oor "Afleiding in het Algemeen" in sy spraakkuns, bl. 135, sê hy dat hy hom nie "ten gevaaie onze Kaapsche lezers tot uitstapjes in het Maleitsch, Javaansch, Mozambiësch enz." kan laat verlei nie, hoewel dit by wyse van afwisseling nogal uitlok-kend sou gewees het, en in die inleidende aanmerking tot sy "Proewe" verklaar hy dat hy hom selde met afleiding ingelaat het omdat dit buite sy bestek le en buitendien kundighede sou vereis waarop hy geen aanspraak maak nie. Waar hy hom wel op hierdie terrein waag, slaan hy nogal die bal dikwels ver mis, soos wanneer hy koerang aflei uit Frans court d'argent, maskie uit Ned. mag geschiën en tjap uit Engels. Ook in die geval van baadjie en dispens is sy etimologie onjuis.

By Chang. ontbreek woorde wat wel al voor hom bekend was (bv. bredie, kerrie, katel); dit kan te wyte daaraan wees dat hy hom beperk tot Kaapstad, en dat hy die vreemde woorde wat in Ned. ook bekend was, nie opgeteken het nie. Sy woorde bestaan, op enkele uitsonderings na, vandag nog in Afr. en wel in algemene gebruik. Uitgesterf is koerang (skaars) en martevaan (watervat). Laasgenoemde word nerens na Chang. opgeteken nie. Alleen Hess, gee dit as 'n woord wat in ou Kaapse Stukke 'n enkele keer (1685) voorkom. Die woord het dus tussen 1844 (Chang.) en 1884 (Mansvelt se versameling) verdwyn. Koerang word in die betekenis "skaars" in geen ander bron aangetref nie en berus miskien op 'n vergissing van Changuion. Interessant is die vorme van baie soos dit nog in 1844 voorkom, nl. bajan, banje.

Chang. se werk het nie tot verdere studie van Afr. aangespoor nie. Wel het Chang. in De Zuid-Afrikaan van 15 Des. 1851 'n brief gepubliseer wat hy van 'n sekere H. Neubronner van der Tuuk uit Wes-

Hoofstuk. I.

oor sy "Proeve" ontvang het. Daarin word die Oosterse herkoms aangegee van: aia, amper, atjar, baadjie, baar, baie, baljaar, baskat (een vest dat men aanhebben moet by het gaan maar de mosquee"; Chang. wou dit aflei van Eng. waistcoat!), koerang ("van geld gebrek bebezigd, schijnt het Maleisch koerang, ontbreken, te wezen,,), krabbetjie, laksman, lemoen, maskie (mal. maskie van het Port. mas-que.), nona, nois, oorlam, piering, sambok, seroet, sies, (Mal. tjies), tjap, tjoerang, (oor van der Tuuk se brief, J. du P. Scholtz, in Ts.v.W. en K. XIII. 325-6). Die brief het egter onopgemerk gebly en het vergete geraak totdat die aandag in 1935 eers weer daarop gevestig is.

Na die verskyning van Chang. se studie het dit byna dertig jaar geduur, tot die eerste jare van die Afr. taalbeweging, voor weereens aandag aan Afr. gegee is. Vir ons doel is dit nie nodig om op alles te let wat oor Afr. geskryf word nie --- alleen wat in sekere stukke oor die gebruik van Mal. en Port. woorde aan die Kaap vermeld word, verdien ons belangstelling.

Ons vestig eers ons aandag op die drie artikels van die gebore Kapenaar M.L. Wesse's in The Cape Monthly Magazine, van Junie, Julie en Aug. 1880 onder die opskrif "Cape Dutch". Hy wys daarop dat Port., Mal. en ander Oosterse tale vroeër geensins onbekend aan die Kaap was nie, maar van 'n direkte invloed van die slawetaal op die taal van die koloniste wil hy nie veel weet nie --- altans nie wat die woordeskat betref nie: "such words as are evidently derived from the Malay or the other Oriental languages", sê hy, "are for the most part applied to a few specific articles peculiar to the East, and illustrating the habits, customs, dress, or cookery of those regions. There is, however, no actual necessity for assuming that these words were introduced by the slaves imported into the Colony, as they must have been in constant use among the Portuguese and Dutch traders, and might just as well have been brought here by some of the first settlers who landed on these shores". Onder sulke woorde reken hy: amper, baie, baklei, bobotjie ("perhaps from Boemboe, a sort of prepared curry powder"),

/piering..

Hoofstuk I.

piering, pondok, sambillee ("to kill any living creature by cutting the throat after the Mohammedan Fashion"), sambok, sosatjie ("probably from soesatoe, one by one, as the pieces of meat are taken up one by one, and strung on a bamboo spit" --- dit is egter afgelei van Mal. Satai, Jav. sate, sesate, --- vgl. Bosh. Etim.Wdb.), tjoerang, toeding; ook van blatjang en kaparring vermoed hy die Maleise herkoms; aia en atjar is hom uit Port. bekend maar het waarskynlik ook via die Ooste in Afr. gekom; oor die afleiding van fakamma, kasta, tjakkie-tjakkie, durf hy hom nie uitspreek nie, maar sies meen hy is blykbaar 'n onomatopee. Hy gaan voort deur te sê: "One or two words we have, indeed, borrowed from the Portuguese language, but if we recollected that the general intercourse of Eastern Traders was carried on in that Language --- the existence of these words in Cape Dutch can hardly be looked upon as due to the Negro slaves, from Mozambique or Benguela". In hierdie verband noem hy basta, baljaar, sambreel en tamaai; by krabbetjie dink hy ten onregte aan Port. carabe "an amber ornament"; by noi eweneens verkeerdelik and Port. noiva "a bride" en ook van maskie, **wat hy as 'n sametrekking van mischien en mag geschien beskou**, het hy die juiste Port. afleiding nie getref nie.

Wessels het Chang se "Proeve" geraadpleeg en verskillende woorde van Mal. of Port. herkoms daarin het hy nie in sy artikelreeks genoem nie --- miskien omdat hy nie na volledigheid gestrewe het nie, miskien omdat hy die oorsprong van die woorde nie herken het nie. Aan die anderkant behandel hy woorde wat nie by Chang voorkom nie, soos blatjang, bobotjie, kaparrang, pondok, sambillee, sosatjie en toeding. Die groot bydrae van Wessels lê nie soseer in die nuwe materiaal wat hy genoem of die afleiding wat hy gegee het nie (hoewel dit vir sy tyd seker belangrik is), maar in die prinsipiële standpunt wat hy inneem omtrent die weg waarlangs woorde van Port. en Mal. oorsprong in Afr. gekom het. Sy skeiding tussen woorde uit die ou Nederl.-Indiese handelstaal en die wat duer bemiddeling van die slawe aan die Kaap in Afr. gekom het, het in die latere taalwetenskaplike werke van Hesseling, Bosman en

111

Hoofstuk I.

Boshoff een van die sentrale probleme geword. (Oor Wessels vgl. M.A. - skripsie, 1949, van C. van der Westhuizen Kotze:

M.L. Wessels se Bydrae tot die Studie van Kaaps-Hollands).

Die volgende bydrae van belang is die van die Kaapse Argivaris H.C.V. Leibbrandt in Het Volksblad van Julie 1882 waarin 'n lys van ongeveer 130 woorde geplaas is wat, volgens hom, almal "tot ons zijn overgekomen uit Indie" (wat ook al die taal van hul oorspronklike herkoms) en wat in sy tyd elke dag in Kaapstad en omstreke kon gehoor word en waarvan sommige in Afr. burgerreg verkry het. Hierdie lys het hesseling in die tweede druk van Het Afrikaans oorgeneem (Maar ongelukkig nie heeltemal volledig nie en met enkele foute) en die woorde na hul Arabies, Portugese of Maleise herkoms met 'n A., P. of M. gemerk. Ruim 'n dertigtal van die woorde is Arabies en staan in nou verband met die Mohammedaanse godsdiens van die Slamse, afstammeling van die politieke bannelinge wat in 1681 en later na die Kaap gestuur is. Hierdie woorde, met enkele uitsonderings van algemene aard soos kramat, is ongetwyfeld net onder die Mohammedaanse gemeenskap gebruik; hulle het nie in die Afr. van ander groepe ingedring nie, en ons kan hulle dus veronagzaam. Die Arabiese woorde is egter interessant in verband met die vervanging van Maleis deur Arabies onder die Slamse. Die groot aantal Arabiese woorde is 'n aanduiding van hoe Arabies, die taal van hul godsdiens, buite hul godsdiens ten koste van Maleis begin indring het.

Van die orige woorde in Leib. se lys is ongeveer 75 van Maleise oorsprong, maar 'n twintigtal hiervan word nerens anders in geskrifte in of oor Afr. aangetref nie, sodat ons mag aanneem dat hulle ook net in die enge kring van die Slamse gemeenskap bekend was. Tog is dit belangwekkend om te verneem dat Maleise woorde soos adoe (slaap), api (vuur), bapa (vader), dada (moederbors), djanggoet (kenbaard), goelai (dun kerriegereg by rys), haroe biroe of haroe hara (verwarring, onenigheid), Kapas (katoen), katoek (klop), katoepang (?) (hoed, veral van hadjies), koerban (slagoffer), mama(k) (tante van moederskant), mambang (spook), mandie (was), mas of emas (goud), /nama.....

Hoofstuk I.

nama (naam), oepaas (plantegif), pamam (oom van vaderskant), tjapoek (littteken), tjotjok kondee (naald vir haarwring), tokek (soort akkedis), en trobo (viskuit), uit téroeboek, nog onder hulle voorgekom het.

Maleise woorde wat nie by Chang. of Wessels voorkom nie, maar deur Leib. genoem is en vandag in Afr. of in Afrikaanse taalkundige werke voorkom, en dus vir ons eintlik van belang is, is die volgende: amok, bafte, borrie, doepa, ghoeroe, ghoreng, (bak, braai --- nog in kadjangghoreng --- gebraaide grondboontjies), jamboes, kabaai, kadjang (kyk by ghoreng), kaapoetie, katel, katjiepiering, kiaat, klapper, kondee, loerie, nonna, piekel, pienang, (soort gereg --- leib. gee eintlik pinang - pinang, 'n soort vis en pindang --- besondere manier van kerrie te berei, en ook nog pinang -- 'n soort neut), piesang, poeasa, rottang, saranie, sambal en triepa (uit Mal. teripang).

Leib. vermeld ook nog as bekend aan die Kaap die woorde batik, salampoerie, "katoenklee", padie, "ongepelde rys", pasar "mark", sarong "kledingstuk van die Maleirs" en Katie " 'n gewig ". Moontlik het hy die woorde net in on argiefstukke teegekom.

By Leib. kom min woorde van Port. oorsprong voor. Daar is een wat ons net by hom ky, nl. Kamesa --- hemp (port. camisa). Dan vermeld hy patakka -- geld, waarvan hy se "een Portugeesch Koloniaal munstuk waard omtrent 3 sjielings". Dit skyn 'n vertaling te wees van 'n noot in die Cape Monthly Magazine, dl. I. bl. 39 (Ao. 1857): "Pataca, a Portugese Colonial coin, worth about three shillings. The coolies in Cape Town still use the expression pataca for money generally." Dit wek die vermoede dat Leib. miskien nie sy gegewens alleen uit die spreektaal om hom heen gehaal het nie. Port. woorde wat hy gee wat nog nie deur Chang. of Wessels genoem is nie, is verder met mielie, kraal, tamaai en trawal.

Wat die vorm betref waarin Leib. die Mal. en Port. woorde aangee, is sy lys ongelukkig nie betroubaar nie. Hy het klaar-

Hoofstuk I.

blyklik van skriftelike bronne gebruik gemaak (veral Engelse, soos to sien is uit sy spelling van Maliese woorde en gee die woorde meestal soos hy die daar aangetref het slegs selde in die uitspraak-vorm soos hy dit om hom gehoor het. As hy nou opneem badjoe en daarby nog voeg "Kaapsch baatje" of by tripang sê, "'t Kaapsch woord tripa is misschien hiervan afgeleid", dan is dit nie seker of hy bedoel dat die vorme badjoe en tripang onder die Maliers nog bestaan het nie. By sambilih gee hy aan "Kaapsch samblee," maar die vorm al deur Wessels vermeld, was sambillee. So kan daar twyfel bestaan of jamboe, kalapa, kraboe nog gehoor is naas die Afrikaanse jamboes, klapper, en krabbetje. Dieselfde geld vir die Portugese vorme tamanho en trabalho waaruit die Afrikaanse tamaai en trawal (lo) ontwikkel het. Onder die omstandighede is dit raadsaam beskou om Leib. se woorde in die opsomming hierbo in hul Afrikaanse vorme weer te gee as hul uit ander bronne ook bekend is, en die Maliese woorde wat hy allen noem, te skryf in die vorm soos hul vandag in Maleise woordeboeke voorkom.

Al het die Proeve van een Kaapsch - Hollandsch Idioticon van N. Mansvelt, wat in 1874 as Professor in Ned. op Stellenbosch aangestel is, eers in 1884 verskyn, twee jaar na Leib. se woordelys tog was die samesteller al verskeie jare voor Leib. se publiskasie ywerig besig met die optekening van Afrikaanse idiotismes. Bewyse van sy bedrywigheid kry ons van 1878 af in die 1ste jaargang van Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift (Nieuwe Reeks) as hy inligtinge begin vra oor allerlei woorde. Dit laat C.P.H. (hoogenhout) en P.(Pannevis) ook gou begin vrae stel en stukkies skryf oor Afr. woorde. Veel nuuts het daar nie oor Mal. of Port. woorde in die Tijdschrift voorgekom nie. Interessant is net dat A.(Arnoldus Pannevis?) in die nommer van Feb. 1882 kwee-kwee noem as 'n Afr. woord wat uit Mal. oorgeneem is. Hy gee nie die betekenis aan nie, maar in Mal. kom Kwe-kwe inderdaad voor vir "koekies".

In die voorberig van sy „Proeve” „wat in meer as een opsig die belangrikste studie oor ons woordleer voor 1900” is (G.S.

Hoofstuk I.

Nienabar: Oor Afrikaans) en wat so 'n belangrike rol sou speel in die Afr. taalstudie, sê Mansvelt dat hy kritiese gebruik gemaak het van Chang. se "Proeve", en hy erken ook die voordeel wat hy uit die deeglike artikels van Wessels getrek het. Die lys van Leib. noem hy nie. In sy voorberig onderskei hy verder vier groepe van woorde wat hy opgeneem het; die laaste is "enkele woorde aan vreemde talen ontleend, en wel voornamelijk aan het Maleisch, tengevolge van die nauwe verbinding waarin vroeger de Kaap met Indië stond".

Die aantal woorde van ontwyfelbare Mal. of Port. oorsprong in Mansvelt se Idioticon is 70. Met 37 daarvan kon hy reeds in die werk van Chang. en Wessels kennis gemaak het, en 11 ander staan in die lys van Leib. Uit Chang. en Wessels se versameling het hy in sy boek weggelaat baskët, kaparrang, toeding, en sambillee -- moontlik omdat hy hul beskou het as net onder Maliers in gebruik. Hier volg nou die woorde wat by Leib. voorkom maar nie by Mansvelt nie: amok, bafte, jamboes, kadjanggoreng, katjapoetie, klapper, kondee, loerie, piekel, pienang (soort gereg), poeasa, triepa. Het hy Leib. se lys geken, sou hy seker sommige van hierdie woorde genoem het. Port. woorde wat ons nou vir die eerste keer by Mansvelt aantref, is: bredie, josie, kapater, karba, koperkapei, laai, (manier van doen), maai (as skeldwoord) maaifoedie, paai, ramkie sambbrero (groot strooihoed), tarentaal, tjalie, terwyl die volgende Maleise woorde die eerste deur hom opgeteken is: akkerwanie, going (sak), kapok, laksel (ook laksa en alaksa, vermicelli), moesoek (ook vervorm tot moses), paljas, pæenang (bossie), sieal, soebat, sosatie en tjoema afgesien hiervan kom daar in Mansvelt 'n hele aantal woorde voor waarvan die etimologie tot vandag toe onseker is. Vir Port. word deur sommige aangesien ambraal, (swak, sieklik), broesa, (duiwel), darra (visnaam), faikonta, gekempera (baster), jentoe, (rys) brensie en vir Mal. abdolkata, bobotie, pamperlang, rappat-joepa.

Van hierdie addisionele woorde is 'n hele aantal vandag onbekend, maar daar kom heelwat voor wat, hoewel nie algemeen gebruiklik

Hoofstuk I.

nie, tog nog bekend is en wat nog voorkom in geskifte afgesien van die kunsmatige lewe wat baie van die woorde verkey het as gevolg van hul gebruik as die "materiaal" in studies oor die Afrikaanse woordeskat. Vir my geheel onbekend is meta (mita) naamgenoot, dotjie -- 'n soort manshoed, poeng --- knikker, tinka --knikker, tafelgenees. Ook die volgende is, na ek meen, vandag verouderd, so nie al uitgesterf nie, terwyl Franken in 1930 meld dat hy hulle nog wel gehoor het: ambraal, gekempera, faikonta, riewas,-riewas, rysbrensie, tramas, en die volgende wat Franken behandel: rappatjoepa, koeti, tjakkie-tjakkie, koeni-kannie, akkelpienies. By Mansvelt is tafelgenees "messe en vurke", Franken wys daarop dat die eintlike betekenis "tafellinne" is (Franken, Huis. 14 Nov. 1930). Mans. meen verkeerdelik dat darra 'n verbastering van daeraad is.

Dit spreek vanself dat Mans. in sy tyd met die beperkte kennis en materiaal tot sy beskikking, nie die Mal. en Port. herkoms van woorde kon gee soos hulle vandag bekend is nie. Ons herinner net daaraan dat sowel Uit Oost en West van Veth en Hobson-Hobson van Yule en Burnell na 1884 verskyn het. Vir die etimologiee wat hy verskaf, was hy heelwat verskuldig aan die studies van Wessels, van wie hy verskeie verkeerde afleidinge oorgeneem het, soos in die geval van nôi en krawwetjie. As hy self aan die etimologiseer gaan, dan dwaal hy soms net so, soos wanneer hy kapater in verband bring met kapoen, paljas will aflei van Frans paillasse, en meen laai het met die laai van 'n geweer te doen. Van baie woorde gee hy glad nie die herkoms aan nie, maar van die meeste het hy tog reg vermoed dat hul uit Port. of Mal. (of uit die algemeen Indies) stam.

Kort na sy verskyning is Mansvelt se Idioticon bespreek deur die bekende taalgeleerde H. Schuchardt, in die Literaturblatt für Germanische und Romanische Philologie, 1885, Sch. wys op die Mal.

/en Port....

16.

Hoofstuk I.

en Port. woorde in Afr. en se dat verskeie van die laaste nie deur Mansvelt as sodanig herken is nie, bv. arrie, bredie, kapater, maskie, paai, tronk. En dan laat hy hierdie prinsipieel belangrike opmerking volg: "Es ist nun die Frage, ob die Malaiischen und Portugiesischen Worter etwa auch auf ganz gleichen Sprachvehikel herubergekommen sind, d.h. entweder diese auch als Malaiische (wie sich ja maski, trongko, wirklich in Malaiischen finden), oder jene auch als Portugiesische, dh. als indöPortugiesische (Kapholl. amper z.B. kommt auch in Ceylonport. vor), Beides ist möglich; das Letztere mir wahr ^{*} scheinlicher als das Erstere. Wenn der Verf. sagt, katel stamme aus Indie, es komme das Wort in Malabar vor, so ist zu bemerken, dass er auch die Malaien als catel kenner, und das Port. catel, das perischen Ursprungs ist, dem kapholl. Worte zunächst zu Grunde liegt. Ebenso verhält es sich mit dem als indischen Worte bezeichneten atjar, das sich bei Persern und Maleien findet, aber auch bei den Portugiesen als archar." Hoer op in sy resenie het Sch. alreeds gesê: "Das Kapholländische ist das Resultat einer sehr starken und merkwürdigen Sprachmischung". Hy het ongetwyfeld gedink aan 'n vermenging van dialektiese Nederlandse, Duitse, Franse, Hottentotte, Maleise en Portugese elemente in die woordeskat, soos blyk uit wat op die opmerking volg, maar dis moontlik dat Hesseling deur die gebruik van die woord "Sprachmischung" op die spoor gebring is van wat later sy bekende Mal-Port.-teorie oor die ontstaan van Afr. sou word. Die teorie moes noodwendig die hele studie van Mal. en Port. woorde in Afr. op 'n heeltetal nuwe voet plaas.

Hoofstuk II.

Belangstelling in Afrikaners en hulle taal is in Europa, veral in Nederland, gewek deur die beweging om Afr. tot kultuurtaal te verhef en deur staatkundige gebeurtenisse in Suid-Afrika in die laaste kwart van die 19de eeu (die anneksasie van die Transvaal in 1877 en die eerst vryheidsoorlog, 1880-1881). 'n Gevolg van hierdie belangstelling was dat geskoolde taalkundiges nou begin studie maak van Afr. Behalwe Mansvelt se Idioticon het daar ook boekies van eerste skrywers in Afr. in Europa bekend geword. Tussen 1880 en 1900 het daar in Ned. taalkundige tydskrifte soos Onze Volkstaal en Noord en Zuid selfs Afr. woordelyste en bydraes oor die Afr. grammatika verskyn, maar die studies bevat vir ons niks van belang nie.

Die eerste stuk van werklike betekenis vir ons is die opstel van D.C. Hesseling in De Gids van Jan. 1877: "Het Hollandsch in Zuid-Afrika". Hier in beshry hy die opvatting dat Afr. ontwikkel sou wees onder die inwerking van Frans van die Hugenate, 'n teorie die ja~~re~~ tevore uiteengesit deur Prof. J. Te Winkel in sy artikel "Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika" in Vragen van den Dag. In dieselfe artikel kondig Hesseling sy teorie aan dat Afr. sy ontstaan te danke het aan die ingrypende invloed wat die sgn. Maleis-Portugees op die taal van die Koloniste sou gehad het. 'n Deel van sy opstel het Hess. daarna tot die omvang van 'n boek uitgewerk en in 1899 onder die titel Het Afrikaansch gepubliseer. Dit is vir ons van groot betekenis, nie net omdat hy hiermee die ernstige wetenskaplike bestudering van Afr. begin nie, maar omdat dit die (vermeende) Mal-Port. elemente in Afr. in 'n skerp lig stel en die begin van polemieks oor hierdie elemente wat juis daardeur 'n aansien gekry het wat hulle nouliks toekom.

Vir sy behandeling van die Mal. en Port. in Afr. Het Hess. feitlik uitsluitend van Mansvelt se Idioticon gebruik gemaak.

/Leib.....

18
Hoofstuk II.

Leib. se lys het hy toe nog nie geken nie, sodat alle woorde uit Leib. wat by Mans. ontbreek, deur Hess. in sy eerste druk onbesproke bly. Hess. het die voorreg gehad dat hy nie net die bespreking deur Schuchardt van Mansvelt se Idioticon geken het nie, maar ook Schuchardt se belangrike werk Ueber das Malaioportugiesische von Batavia und Tugu, en verder Hobson-Jobson van Yule en Burnell en Uit Oost en West van Dr. P.J. veth.

Op die keper beskou, is Hess. se behandeling van die Mal. en Port. woorde in Afr. taamlik oppervlakkig. Van die meeste woorde waarvan hy die Port. of Mal. (Indiese) oorsprong aangee, is die meeste al as sodanig deur Mansvelt (of Schuchardt) herken. Woorde waarvan Mans. nie die afleiding gee nie of verkeerd aflei en wat nou tereg deur Hess. as van Mal. of Port. oorsprong aangemerkt word, is akkerwanie, blatjang, borrie, dispens, ghoeroe, katjiepiering, krawwetjies, laai (manier van doen), maai (moeder), mielie, paai (?) (vader), rissie, soebat, tjap. Hess. noem net een woord wat nie in die Idioticon voorkom nie, nl. piekaniens, wat hy in Ons Klyntjē aangetref het en waarvan hy nou ook die afleiding uit Port. gee. verskeie woorde neem Hess. op as van Mal.-Port. herkoms wat die dit beslis nie is nie of waarvan die afleiding nog onseker is, soos arrie, karba (?) kardoes, koort (Eng. court), makou (?) moveer, nenne (?), rabbedoe. Daarenteen is daar 'n Klein aantal woorde wat Hess. as van duister herkoms opsom, maar waarvan later inderdaad heel aanneemlike Mal. of Port. etimologiee aangegee is, soos abdolkata, amberaal, gekempera (baster), koetie ('n hou, 'n slag), maaifoedie, rap-patjoepa, tramas. Enkele ander, soos faikonta, kapok, koejawel, koperkapel, piesang, tjalie, het hy glad nie genoem nie.

Die grootste beswaar teen Hess. se behandeling is dat hy nie voldoende onderskei het tussen woorde van Port. of Oostere herkoms wat al gewoon was in die 17de eeuse Ned. handelstaal en

/dus.....

Hoofstuk II.

dus uit Ned. oorgeerf kan wees in Afr., en die wat aan die Kaap in die koloniste taal ontleen is. Hy wou klaarblyklik sy argumentering ten gunste van sy teorie so sterk moontlik maak, as hy dus 'n keuse het, verwerp hy te maklik oorerwing ten gunste van direkte ontlening uit die Ooste. Dit sien ons by sy behandeling van woorde soos amper, baadjie, baar, baklei, baljaar, oorlam, rissie, soebat, e.a. M.L. Weßsels het byna 'n twintig jaar eerder wat hierdie kwessie betref, 'n versigtiger (en ook gesonder) standpunt ingemeem. Dan ook het Hess., wat geen Afr. geken het nie, versuim om woorde volgens hulle gebruikfeer of gebruiksfrekwensie te skei. Kensketsend in hierdie verband is sy opmerking (bl. 109) dat "intieme woorde" soos paai, maai, nôi, laai, trawal bestaande Hollandse woorde "verdring" het.

'n Belangrike stap vooruit was dat Hess. die belang van ou Kaapse bronne in die historiese studie van Mal. en Port. woorde in Suid-Afrika ingesien het en daar ook, sy dit dan nog baie beperkte, gebruik van gemaak het. So wys hy op die herhaalde gebruik van maskie in die Kaapse slawetaal sedert 1691 (bl. 57) en op bls. 105 vlg. haal hy uit ou stukke woorde aan waarvan hy se: "De meeste zijn, voor zoover ik weet, tans niet meer in gebruik, maar ze zijn van gewicht voor de studie van de taal van vroeger tijd". Daaronder vind ons amok, bonkessie (iets soos 'n seroet), kondee, kris, pagger, parang, tabeetjies, mandoor en trawade. Werskeie van hierdie woorde sou later in taalkundige werke weer ter sprake kom.

Na Mansvelt se Idioticon is die eerste versameling van Afr. woorde van enige betekenis die Patriot-Woordeboek, wat in 1902 die lig gesien het. Ongelukkig is die werk met weinig sorg opgestel, sodat dit nie die waarde vir ons het wat dit kon gehad het nie. Wel kom daarin 'n klein aantal woorde voor wat ons

Hoofstuk II.

nie by Mans. aantref nie en wat seker of moontlik van Mal. of Port. oorsprong is, nl. babetjie, bawer (naam van vis), froetangs, gorlett (beker) jamboes, mandoor, pikkanienie en pikkenieno, piekel, pinang, sammejoe, tassal en toering. Die woorde kon nou ook makliker in die wetenskaplike beskrywing opgeneem word. Vir die vasstelling van die gebruiklikheid van woorde omstreeks 1900 sou 'n mens kan nagaan wat die Patriot-Wdb. uit Mans. oorgeneem het (want die opsteller het sonder enige twyfel die Idioticon gebruik) en watter Mal. en Port. woorde hulle weggelaat het. Dis juis hier waar die sorgeloosheid waarmee die Patriot-Wdb. opgestel is, ons taak bemoeilik. As ons bemerk dat gewone woorde soos blatjang, bredie, en kerrie ongetwyfel deur agteloosheid weggerlaat is, kan ons nie met sekerheid se dat min gebruiklike woorde met opset weggelaat is nie. Tog is die opvallend dat die woorde wat by Mans. voorkom maar nie in die Patriot-Wdb. nie, vir die grootste gedeelte woorde is wat vandag onbekend is of in baie beperkte kringe gebruik word soos akkelpienies, akkerwanie, ambraal, broesa, darra, gekempera, ghoeroe, koenie-kahie, pienang (bossie), pinotie (bossie), rappatjoepa, sambbrero, sieal, tjakkie-tjakkie tjoema, trawas.

Uit P.J. du Toit se proefskrif Afrikaansche Studies blyk dat hy 'n oortuigende aanhanger van Hess. se teorie oor die ontstaan van Afr. is. Sy hoofdoel was om nuwe materiaal aan te bring om Hess. se bewysvoering te versterk. Op die gebied van die woordeskat het hy van die Patriot-Wdb. gebruik gemaak en natuurlik van sy eie kennis van sy moedertaal. Du Toit het sy doel verby gestreef deur verskeie woorde verkeerdelike vir Mal. of Port. aan te sien, soos alla!, boeta, haai!, haai-hoei, koedoe, ta, of tata, maar korrekte nuwe etimologieë wat hy gegee het, is die van doepa, doerias, jamboes, paljas, piekel, pinang, sammejoea, sosatie, toering as Maleis, en die van froetangs, kiepersol, tassal, tjalie as Port. 'n Streng wetenskaplike beskouing van die weg waarlangs verskillende /woorde....

Hoofstuk II.

woorde in die taal van die koloniste gekom het (via die Nederlandse koloniale taal of deur direkte ontlening aan die Kaap) het hy ongelukkig ewe min as Hess. gegee. As 'n intieme kenner van Afr. sou hy wel in staat gewees het om die woorde volgens hul gebruiksfeer en gebruiksfrewensie te groepeer, maar daarvan het hy ook ongeveer niks gedoen nie. Net een opmerking maak hy byna terloops in hierdie verband, nl. dat ghoeroe, koerang (toerang), doepa, doerieas, nonna, palja, tjoew^{ma}, "bijna uitsluitend door de kleurlingen worden gebruikt" (bl 72.).

Die Afrikaner F. Th. Schonken was ook 'n aanhanger van Hess. se teorie. Sy proefskrif, Die Wurzeln der Kaphollandischen Volksüberlieferung, het in 1910 postuum verskyn en weer in 1914 in 'n Nederlandse vertaling: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen. Veel se Schonken nie oor die Mal. en Port. woorde in Afr. nie, maar van belang vir ons is dat hy die eerste is wat die woorde volgens hulle gebruiksfeer probeer indeel het. In hierdie verband se hy: "Ontleedt men de ongeveer honderd woorden aan het Maleis-Portugeesch ontlend (verzameld door Mansvelt, Hesseling en Du Toit), welke niet tevens in Holland in zwang zijn, dan blijkt het, dat ongeveer 17 betrekking hebben op provisie-kawer en keuken, 10 op nieuwe vruchtesoorten en eetbare plante, 10 op het gesinslvern, 13 op woning, kleeding en arbeid, terwijl ongeveer 12 menschelijke hoedanigheden en werkzaamheden uitdrukken. Overwegend zijn dus de woorden, die in het huiselijk leven hun oorsprong hebben waarbij men in meer uitgebreiden zin, ook nog de dikwijls voorkomende woorde baie (banja), tamaai, en de uitroep^e alla, arrie, haai en sies rekenen mag. Deze uitkomst is te verklaren uit het aandeel, dat de slaven in de huishouding hebben" (bls.158-9). Schonken noem nie die woorde wat hy op hierdie wyse groepeer nie, behalwe dat hy aia, nenna, (ou) tata (outa), nonna, (nonnie), (klein) noi boeta (boetie) en pikkenienie gee as woorde wat verband hou met die rol van die slavinne as Kinderoppassers (bl.159), en atjar, blatjang, bobotie, bredie, kerrie, pienang,
/sambal.....

27

Hoofstuk II.

sambal, sosatie, tassal en „waarskynlik ook” mebos opsom uit die Oosterse "spyslyse". Uit die noem van woorde soos alla, arrie, haai, tata, boeta, blyk dat Schonken nie krities gestaan het teenoor die afleiding wat sy voorgangers gegee het nie. Dat hy woorde "welke niet tewens in Hollands in zwang zijn" uit sy groeperinge uitskei, laat darem sien dat hy bewus daarvan was dat verskil moet gemaak word tussen die Mal. en Port. wat vermoedelik as "erfgoed" in Afr. gekom het, en die wat aan die Kaap in die koloniste taal ontleen is.

In die ry van belangrike versamelinge van Afr. woorde volg op die Patriot-Wdb. die werk van Charles Pettman, wat in 1913 onder die titel Africanderisms verskyn het. Die werk is vir ons in drie opsigte van betekenis. (1) Hy het nie net wat vir sy doel van belang was uit Mansvelt en die Patriot-Wdb. oorgeneem nie, maar die materiaal aangevul uit sy waarneming van die spreektaal en deur ekserpering van geskrifte. Nuwe woorde wat via hom in die taalkundige literatuur oor Mal. en Port. ontlenings in Afr. gekom het, is veral visname, bagger, bafaro, damba, (halfkoord) (i.v. albacore) ^{Janbruin} ~~Joubriun~~ (of tambryn), jandorie, katonkel (of Kakunker kantuur), paddie, panger, sankoord, (i.v. sancord), tornyn en wintoi (i.v. windtoy). Ander woorde van belang is net droedaskruie en serang "leier van 'n groep (arbeiders)". (2) Hy het sy dit nog maar baie onvolledig, bewysplase uit ou geskrifte vir die gebruik van woorde aangehaal. (3) Hy het hom al is dit op dillittantiese manier, met etimologiee besig gehou en het van enkele woorde die Port. of Oostere herkoms herken en min of meer die korrekte of moontlike afleiding gegee, soos van kapel (slang), rysbrensie en serang.

Die tyd he nou aangebreek dat taalkundig geskoolde Afrikaners hul al meer met die studie van Afr. gaan besig hou het. P.J. Du Toit en F. Th. Schonken het soos ons gesien het, nog aan die leiband van Hess. geloop en sy teorie sonder kritiek aanvaar, maar ander het begin om hulle stemme teen Hess. se opvatting

/te.....

Hoofstuk II.

te verhef, afgesien van manne soos Kruisinga en Meyer in Europa. Onder die Afrikaners was dit eers leke op taalgebied, soos adv. W.J. van Zyl (kyk Van Rijn: Het zeer ^{nauwe} ~~nauwe~~ verband tussen Het Afrikaans en het Nederlands, Bls. 33-4) en Ds. W. Postman in Die Brandweg van 15 Feb. en 1 Maart 1912. In Des. 1913 tree Johannes J. Smith op die terrien met sy bekende bespreking van Pettman se Africanderisms in Die Brandweg. Hy was 'n uitgesproke teenstander van Hess. se teorie, en in verband met die argumentasie wat op die ontlening van Mal. en Port. woorde in Afr. gebaseer is, se hy dit: Die Klompie Maleise en Portugese woorde, wat ons in Afrikaans aantref, kom merendeels reeds in Nederlandse geskifte van voor 1652 voor, en hul teenwoordigheid word maklik verklaar uit die handel wat die Hollanders land voor die stigting van die Kaap met Portugal en Oos-Indië gedrywe het. Die aanvaar van sulke woorde as baljaar, baklei, soebat - wat tot in die meeste wes-Nederlandse dialekte deurgedring het --- als bewys van maleis-Portugese involed op Afrikaans getuig van 'n heel oppervalkkige bekendheid met die strenge wette van die taalwetenskap". Hier word dus vir die eerste keer na M.L. Wessels met nadruk gewys op die noodsaaklikeheid om die geskiedenis van die ontlening van Mal. en Port. woorde in Nederlands te bestudeer voor 'n mens oor die ontlening van die woorde in Afrikans kan praat.

Werset -- en nogal onbeteuelde verset - - het ook gekom van C.J. van Rijn in 1914 in sy boekie hierbo genoem. Hy het dikwels onverantwoorde dinge gesê, maar die volgende uitlating in sy opsomming van groepe nie - Nederlanse woorde in Afr. is vir ons van betekenis: "Enige woorden, die in de mond waren van de zeevaarders en handelaars in het omvangrijke, Hollandse verkeer op Indie, deels namen artikelen, deels veel gebruikte worden, deels Maleis, deels Maleis-Portugees, deels van ander Oosterse talen tot Japannees toe. In Holland bestaan ook nog vele zulke woorden, en vroeger waren er nog meer, doch toen de handel en scheepvaart verminderden, raakten sommige van

/die woorden.....

Hoofstuk II.

die woorde is onbruik, die in Z.A. bleven leven" (bl. 37). Dit help ons sien in watter rigting die ondersoek van Mal. en Port. woorde in Afr. in die toekoms sal gaan.

In 1916, sewentien jaar na die publikasie van Het Afrikaans deur Hess., het Afrikaans en Maleis-Portugees van D.B. Bosman verskyn, 'n werk wat aan die begin van 'n nuwe fase in die Afr. taalstudie staan. Bosman is die eerste Afrikaansprekende taalgeleerde wat in 'n uitvoerige studie die opvatting van Hess. bestry het. Ons kan nie hier ingaan op sy argumente teen Hess. se bewysevoering ten gunste van die ingrypende invloed van Maleis-Portugees op die Hollandse taal aan die Kaap in die 17de en 18de eeu nie. Die taaltoestand in die tyd in sover dit verband hou met die gebruik van Mal. en Port. of Mal-Port. sal ons bin

'n volgende hoofstuk krities bespreek met behulp van die gegewens wat ook na die ondersoekinge van Hess. en Bosm. aan die lig gebring is. Hier wys ons net kortliks op die vernuwing wat Bosm. (bls. 44-76) gebring het in die prinsipiële beskouing van woorde van Mal. en Port. oorsprong in Afr. Vooraf wys ons daarop dat Bosm. geen woorde wat nie in die werke van Hess. en Du Toit behandel is, in sy bespreking betrek nie, want sy doel met die behandeling van Mal. en Port. woorde in Afr. is slegs om te bewys dat die getal en die aard van die woorde te saam met die tyd van ontlening van die meeste, nie van Afr. 'n mengeltaal kan maak het nie.

Bosman wys eers af wat Hess. verkeerdelik onder Mal. en Port. tel. Dit laat 113 woorde oor wat hy dan maar vir die oomblik aanneem as direkte ontlenings om eers die karakter van die woorde te ontleed. Die volgende, se hy dui "onnederlandse sake of toestande" aan: aia, akkerwanie, assegaai, atjar, basaar, blatjang, bobotie, borrie, bredie, doepa, doerias, froetangs, going, kabaai, karba, kapater, koelie, jamboes, kaaiman, kiepersol, klapper, koedoe, koejawel, laksel, lemoen, liekwart, lieplapper, makou, mandoor, mielies, martjie, noi, nonna (nonnie), paljas, pienang, ramkie.....

Hoofstuk II.

ramkie, rissies, sambal, sambok, sambreel, sambrero, seroet
sosatie, tassal, toering en verder amok, krits, parang, trawaje
 Weens hul, "spesiale betekenis" voeg hy by bostaande ook Baar, ghoeroe
katel, krabbetjies, moesoek, nenna, oorlam, pondok, en verder
kondee, pagger, tabeetjies. Van die wat oorbly, se Bosman
 is bræsa, palaber, sammejoa, saranie, talie, tjoema, trawal en
 ook bonkessie vir hom in Afr. onbekend, "dus weinig gebruiklik
 of alleen in sekere streke bekend". Van die orige 40 woorde
 gaan Bosm. voort, is 'n dertigtal "of seker van Maleis-Portugese
 afkoms nie, of ook Nederlands dws. kom voor in Nederlandse stukke
 van vroeër of later tyd, sonder dat daar aan direkte ontlening
 in Afrikaans te denke val." Dan bly oor baie, doepa (reeds
 hierbo genoem!) moses, paljas (reeds hierbo genoem) piekel
pierinkie, pikkenienie, tamaai, tjalie, tronk, waarvan, volgens
 hom, doepa moses paljas, piekel en pikkenienie "nie dikwels
 gehoor word nie."

Bosm. probeer nou redes aangee waarom die woorde baie,
peiring, tamaai, tjalie en tronk ontleen is, woorde wat Nederlandse
 woorde heeltemal of gedeeltelik verdring het, maar hierop hoef
 ons nie in te gaan nie. Samevattend wys Bosm. daarop dat 'n
 ontleding van die karakter van die ontlening aantoon dat die
 meeste woorde saam met die vreemde sake wat hul aandui, ontleen
 is. "Die name van Maleise kos-soorte, vrugte, plante, ens. speel
 daarby veral 'n groot rol. Onder die Afrikaanse koks moes seker
 baie Maleiers gewees het. Woorde as doepa paljas wys op 'n
 bekwaamheid waar die Slamaaiers vandag nog voor berug is, hul,
 towerkuns!"

Na sy karaterisering van die woorde uit die lysie van Hess.
 en Du Toit gaan Bosm. daartoe oor om hulle oorsprong, die weg
 waarlangs en die tyd waarin hulle in Afr. gekom het, aan 'n
 noukeuriger ondersoek te onderwerp, en hy wys tereg daarop dat
 Hess. nie al die opgetekende woorde as direkte ontlenings kan
 beskou nie. Die resultaat van hierdie ondersoek

ondersoek.....

Hoofstuk 2

soek kry ons in die afsonderlike behandeling van die geskiedenis van 'n vyftigtal woorde. Van 'n paar verwerp hy min of meer stelligheid hul Mal. of Port. herkoms; arrie, boetie, haai van enkele erken hy dat die afleiding onseker is (alle, amper nartjie ens.); van verreweg die meeste toon hy aan of spreek hy 'n sterk vermoede uit dat hul al voor 1652, of altans betreklik vroeg, in Ned. aanwesig was, sodat hulle nie as direkte ontlenings kan beskou word nie; by 'n klein groepie wys hy op die moontlikheid dat hulle miskien eers in die 19de eeu onder Engelse invloed in Afrikaans kon gekom het (basaar, koejawel, loekwart), of betreklik laat uit die slawetaal in die Afr. kindertaal kon ingedring het (bv. koerang)

Dis hier nie die plek om op die afsonderlike woorde in te gaan nie, want hoofsaak was om Bosm. se prinsipiële beskouingswyse aan te gee. Interessant veral, en iets waarop hy self nie genoeg nadruk le nie, is die tyd waarop woorde van Mal. en Port. herkoms in Afr. ingedring het. 'n Leemte in sy uiteensetting is dat hy nie die noodsaaklikheid beklemtoon om ou Kaapse skriftelike bronne te ondersoek met die oog op datering van ontlenings in Afr. nie. So 'n ondersoek is ook van belang om Mal. en Port. invloed of Ned. van vroeër in sy ontwikkeling na Afr. na te gaan. Bosm. meen tereg (bl. 66) dat die taal self die bewys van vreemde invloed moet lewer, want, se hy, geskiedkundige argumente om die Mal. en Port. invloed op Afr. te bewys, kan op sy beste alleen die waarskynlikheid daarvan aantoon. Maar op hierdie oomblik sien Bosm. nie die taal histories nie. Ons kan nie uitsluitlik uit vandag se Afr. die invloed van Mal. en Port. aantoon nie. Daarvoor is kennis van die verskillende stadia in die ontwikkeling van Afr. nodig. Die probleem is waar om voorbeelde van hierdie verskillende stadia te vind, want die "geafrikaaniseerde Hollands" (Kloek) was nie 'n skryftaal nie. Die huidige Afr. wat Bosm. geneig is om as kriterium aan te neem vir die beoordeling van die beïnvloeding....

17.

Hoofstuk II.

beïnvloeding van Afr. deur Ma. en Port. is soos Kloeke sê
(Herkomst en Groei van het Afrikaans) bl. 334.)

"'n meer Europees - gepolyste" vorm dan die Afr. van die 17de en 18de eeu.

Ons het reeds opgemerk dat Bosm. geen nuwe woorde van Mal. en Port. oorsprong in sy ondersoek betrek nie (vir sy prinsipiële beskouingswyse was 'n enkele meer of minder bysaak). Dit skyn inderdaad of alle woorde van Mal. of Port. herkoms wat taamluk gewoon in Afr. is, teen die tyd al in die versameling opgeneem was. Die indruk kry ons ook as ons die materiaal deur G.R. von Wielligh versamel, wat onder ^{die} ~~the~~ titel Ons Geselstaal in die Huisgenoot van Jan. 1921 verskyn het, nagaan. Ongeveer al nuwe woord wat hy noem, is kaketoa. Von Wiel. se opsomming van woorde is darem van belang omdat hy iets sê oor hul geografiese verspreiding, al is sy opmerkinge nie altyd betroubaar nie. Hierop sal ons later weer terugkom.

In 1921 het S.P.E. Boshoff se uitvoerige werk Volk en Taal van Suid Afrika verskyn. Dit handel ⁱⁿ ~~die~~ hoofsaak oor die Afr. woordeskat, en vanselfsprekend kom daarin ook aan die beurt all woorde wat in vroeger geskrifte oor Afr. as van Mal. of Port. herkoms bestempel is. Prinsipiëel lewer Bosh. se werk nie veel nuuts op nie. Die grootse waarde van sy werk lê daarin dat hy soveel moontlik ou bewysplase uit Nederlandse bronne vir die gebruik van Mal. en Port. woorde opgespoor het. Ongelukkig is Bosh. nie van vooroordeel vry te sreek nie. Waar Hess. so te se alle Mal. en Port. woorde in Afr. as direkte ontlenings wil aanneem deur heeltemal te swyg oor die kennis van die woorde deur Nederlands voor 1652, gaan Bosh. amper oor na die ander uiterste toe. Alles wat in Nederlands bestaan het voor 1657 beskou hy as erfgoed in Afr. "tensy daar teebewyse is. En teebewyse sal moeilik te vind wees" (bl. 96). (1657 is die jaar waarin vir die eerste keer aansienlike getalle Oostere slawe begin aankom het, sodat daarvandaan eers van direkte

ontlening.....

Hoofstuk II.

ontlening uit Mal. en Port. kan gepraat word). Vir hom is Nederlands die taal van alle reisbeskrywings en -verhale, die seemans - en handelstaal van die 17de eeu, en alle Nederlandse dialekte. Waar daar woorde op hierdie gebiede voorkom wat in vorm lyk op woorde wat as van Mal. en Port. herkoms beskou is, aanvaar Bosh. gewoonlik oorerwing. Hy probeer meermale die Mal. of Port. herkoms van woorde wegredeneer waar dit vir elke objektiewe beoordelaar vasstaan (bv. in baadjie sien hy in geval van homonimiteit). Sy ou bewysplase oortuig nie altyd dat die betrokke woorde inderdaad so vroeg as wat hy beweer in die Ned. Koloniale of handelstaal gebruik is nie. Op bl. 167 se hy dat Linschoten reeds baju gebruik, en hy haal aan Lins. 1, 140, "Vrouens met een hemdeken genaemt Baju", op bl. 203 se hy dat kabaai al by Linschoten voorkom en dan ~~haal~~ hy weeraan Lins. 1. 165 "eenen enckelen lynen catoenen rock diese cabaja heeten". Maar beide gevalle is geen bewys vir die gebruik van die woorde deur Nederlanders voor 1652 nie.

Tog het Bosh. baie belangrike gegewens versamel waarby ons gaan stilstaan. Bosh. is eweas Bosm. 'n gebore Vrystater, en hy dui meermale aan wanneer woorde vir hom onbekend is --- ook dit het waarde vir ons. Met die versameling van nuwe materiaal uit die volksmond of die Afr. literatuur het hy hom, wat die Mal. en Port. woorde betref, nie besig gehou nie. Al die woorde wat hy behandel, kom dan reeds in die hierbo genoemde werke voor.

Ter staving van sy opvatting dat die meeste Mal. en Port woorde deel van die stamouers se woordeskat was, meen Bosh. dat die Oosterse woorde uit die reisbeskrywings en -verhale by die Ned. volk ingang gevind het. Met Hesseling staan 'n mens heel skepties teenoor so 'n bewering (Hess. bls. 72-73)

Bosh. gaan verder in 'n poging, om, so te sê, die grote gros van Mal. en Port. woorde die waarskynlikheid van direkte ontlening te ontsê. Hy ondersoek alle Ned. dialekte om aanknopingspunte te vind. Dan herlei hy 'n aantal en in die laaste instansie stem hy alleen sover saam deur te sê

"waar....."

Hoofstuk II.

"waar oortuigende bewyse ontbreek, kan ons vreemde woorde in Afr. van Port.-Oosterse oorsprong, wat eers in die periode 1657-1807 of miskien nog later in Afr. opgeneem is, alleen aan die |gesamelike invloed van die seelui en die slawe toeskrywe" (bl. 156). Hy meen selfs dat mens die beperking van woorde soos basta (bl. 135) en trawal (bl. 167) tot die Boland aan die invloed van die seemanstaal moet toe skryf.

Bosh. se beswaar teen die ontlening van Mal. en Port. woorde uit die slawetaal is dus dat die bewyse ontbreek. Maar in baie gevalle ontbreek die bewyse ook vir die herkoms uit die ander twee bronne --- uit die Europese erfgoed en uit die seemanstaal. Alhoewel daar woorde in Hallandse geskrifte van voor 1652 en in die seemanstaal voorkom, weet ons min van die gebruiklikheid van hierdie woorde in Ned. d.w.s. ons kan nie met sekerheid se dat vreemde woorde wat alleen in hierdie bronne te vind is, deel van die stamouers se woordeskat was nie. Ons kan alleen 1652 gebruik vir die datering van die woorde, maar nie as grens tussen erfgoed en leengoed vir sover dit die Oosterse woorde betref nie.

Later in sy Etimologiese Woordeboek, 1936, en in 'n artikel in Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner dl. (11) is Bosh. minder dogmaties. Op bl. 84 van laasgenoemde studie se hy dat selfs vir woorde in die seemanstaal van die 16de en 17de eeu die dateringsvraagstuk van belang is "want die sogenaamde Mal. - Port. woorde wat reeds voor die middel van die 17de eeu in Nederlandse geskrifte voorkom en waarvan die betekenis aldaar as bekend veronderstel word, kan as erfgoed uit 'n Afrikaanse standpunt beskou word, hoewel die moontlikheid vir 'n versterking en bestendiging van die gebruik" nie noodwendig uitgesluit word nie". En in sy Etimologiese Wdb. laat hy

dit.....

Hoofstuk II

dit oop op sekere woorde waarvan hy vroeër beslis gesê het dat hul uit die seemanstaal kom, uit die seemans - of uit die slawetaal stam, bv. laai, maai, spens, tassal, tronk.

Boshoff se twee groot indelings van Mal. en Port. woorde in Afr. is dus:

(1) Erfgoed, waaronder woorde uit L

(1) Die seemanstaal,

(2) Die handelstaal,

(3) Ned. dialekte.

(II) Woorde na 1657 eers bekend. Hierdie groep noem Bosh. nie eintlik direkte ontlenings nie. Hulle het wel na 1657 in die koloniale taal van die Kaap gekom, maar of deur die seemans - of deur die slawetaal.

Waar Bosh. twyfel oor 'n woord se herkoms deurdat hy "aanknopingspunte" aan beide kante gevind het (Oosters of Ned.) is hy geneig om die Ned. herkoms te aanvaar, bv. in die geval van akkelpienies, maai.

Volgens hom is albertkoord (halfkoord) en koperkapel beide 17de -euse volksetimologiese vervorminge, maar hiervoor lewer hy geen bewyse nie. Koperkapel (uit cobra di capello) meen ek is aan die Kaap vervorm. D.F. Malherbe het nog in die Paarl die woord pello vir "slang" gehoor, wat 'n aanduiding is van die vervorming hier is.

In 1923, twee jaar na Bosh. se publikasie, het 'n nuwe onwerking van Bosm. se proefskrif tot 'n nuwe werk met 'n nuwe titel, Oor die Ontstaan van Afrikaans. Albei skrywers het hul standpunt ten opsigte van Mal. en Port. woorde in hoofsaak gehandhaaf met weinig wysiginge ten opsigte van besondere woorde.

Al sluit Hess. nou Leibbrant se versameling in, maak hy tog nie daarvan gebruik nie, sê hy, want dit bevat te veel woorde alleen tot "een bepaalde groep gekleurde inwoners" beperk gebly het. Maar is die insluiting van Leib. se lys dalk nie 'n slim maneuver om die lese 'n groot klomp Mal. en

Port.....

Hoofstuk II.

Port. woorde voor te hou om sodoende sy standpunt in 'n gunstiger lig te stel nie? By sy woorde van die eerste uitgawe voeg Hess. nou Du Toit's 'n , en 'n klein aantal laat hy weg daar hy tot beter insigte gekom het oor hul afleiding, nl. rabbedoes (van Ned. oorsprong), palaber, kardoes (hy meen dit is waarskynlik uit Frans).

Daar is niks uit Hess. se werk wat aandui dat genoemde woorde almal nog in 1923 in gebruik of bekend was nie, en ons weet nie dat hy as Nederlander nie bevoeg was om daaroor te oordeel nie. Die woorde wat hy behandel is van 1905 (Du Toit) en 1884 (Mansvelt). Oor die gebruiklikheid van hierdie woorde kan ons oordeel deur gebruik te maak van Bosh. en Von Wiel se studies. Maar as ons sonder hierdie werke moet oordeel, kan ons alleen sê dat al die woorde van Hess. behalwe miskien broesa, doerias, laksel, sambrero in 1923 ten minste nog bekend was; want ek het nog mense teegekrom wat al hierdie woorde ken behalwe die vier so pas genoem.

By die woorde wat na sy mening in Afr. bestaan, het Hess. 'n aantal gevoeg wat hy net in ou Kaapse stukke gevind het en dus nie meer as bekend beskou nie. Van hulle word die volgende nog gehoor of in die Afr. literatuur van 1900 gevind:

amok (in Afr. koerante), bafta (baftatablou), kiepersol, krits (by I.D. du Flessis), parang, pitjaeringh (onder Slamse as pitjara en bitjara --- 'n byeenkoms vir 'n begrafnis of andergewigte sake).

Wat Bosm. se omwerking van sy proefskrif betref, raak die wysigings alleen besondere woorde waaroor Bosh. in die tussentyd nuwe besonderhede gegee het: Bot tel, kardoes, moveer, sies.

- - - - -

HOOFSTUK III.

Ons het gesien hoe met Hess., Bosm. en Bosh. die prinsipiële vraagstukke in verband met die probleem van Maleise en Portugese ontlenings in Afr. al hoe meer van belang geword het. Die vraagstukke gaan oor die tyd van ontlening, die wêë waarlangs ontleen is. die getal en die aard van die ontlenings. Vir die beantwoording hiervan is kennis van die taaltoestande aan die Kaap van vroeër 'n noodsaaklikheid.

Dit is veral Bosm. en Hess. wat in hul polemieë oor die ontstaan van Afr. in die taaltoestande aan die Kaap vir hul teorieë probeer steun soek het. Daar die twee teorieë so te sê lynreg teenoor mekaar staan, is dit begryplik dat die opstellers se sienswyse oor die taaltoestande van mekaar sal verskil; beide moet uit die historiese gegewens hulle eie standpunt regverdig. Hulle argumente hieroor is vir ons van belang omdat die polemieë veral gaan oor die gebruiklikheid van Mal. en Port. aan die Kaap in die 17de en 18de eeu. Nuwe lig is op die kwessie van die taaltoestande gewerp deur Franken, wat in 1930 die resultate van sy uitgebreide studie van ou Kaapse stukke gepubliseer het. Dus sal ons ook let op wat Franken oor hierdie onderwerp te sê het.

Tydens sy ondersoek na die taaltoestande aan die Kaap het Franken ook belangrike gegewens oor die leengoed uit Mal. en Port. ontdek; daarom staan hierdie hoofstuk voor die oor Franken se bydrae tot die ondersoek van die Mal. en Port. woorde in Afr.

Die bevolkingselemente aan die Kaap vanaf 1652 deur die 17de en 18de eeu is soos deur Bosman, Boshoff en ander aangegee. Alleen oor die slawe in die 17de eeu bestaan daar nie voldoende statistieke om die verhouding van Oostere tot ander slawe te bepaal nie (Franken: "Vertolking aan die Kaap in Mal. en Port".-Huis, 23-5-30). Van

Van/.....

Hoofstuk III

Van al die bevolkingselemente wat hier teenoor die Hollanders te staan gekom het, was die Slawebevolking die belangrikste taalfaktor, meen Bosman tereg (bl. 27). En veral die taal (of tale) van die Oostere slawe is van belang in verband met die vraag in hoever Mal. en Port. in die 17de en 18de eeu aan die Kaap gebruiklik was. Maar vir hierdie vraagstuk is van betekenis nie net die Oostere slawe nie (al is hulle seker die belangrikste), want die argumente oor die ontstaan van Afr. het te doen met die gebruik van Mal. en Port. deur die blanke bevolking.

Daar is 'n hele aantal direkte ontlenings in verband waarmee ons die vroeër taaltoestande helder moet sien. Die Mal. woorde wat direk ontleen is, sou veral uit die Mal. van die Oostere slawe in Afr. gekom het. Die Port. woorde kan na 1652 langs verskillende weë in Afr. gekom het of uit die taal van die Oostere slawe waarvan sommige Baster-Port. of 'n Indiese taal met Port. elemente gepraat het, of deur Kompanjie-dienaars garnisoentroepe. werklui) en ander blankes wat in die Ooste gedien het en na hul dienstermyn aan die Kaap kom woon het.

Wat alle besoekers aan die Kaap in die 17de en 18de eeu opgeval het, was die bontheid van die taalgemeenskap - blank en nie-blank. Onder die blankes was die Duitsers en Franse na die Hollanders in the meerderheid. Die nie-blanke bevolking het bestaan uit Hottentotte en slawe uit Afrika en Indië --- Madagaskare. Maleiers. Malbare, Javane. Singalese. Boeginese. Bandonese. ens.

Daar is twee teenoorgestelde menings oor die gebruik van Mal. en Port. Aan die een kant staan die mening van Bosman, aan die anderkant die van Hesseling. Die twee menings berus meer op argumente dan bewese feite. Eers met Franken se ondersoek kry ons uit die feite 'n helderder beeld van die waarheid.

Die/.....

Hoofstuk III

Die verskil tussen die twee menings is oor hoe vroeg Mal. en Port. as taalfaktor begin optree het, en hoe algemeen die tale bekend was. Hesseling wil die datum vir gebruik van Mal. - Port vroeg stel. vanaf 1658. en meen dat die blanke bevolking veelvuldig gebruik gemaak het van Baster-Port.. veral in gesprek met slawe (bl. 127). Hy beskou 1658-1685 as die periode waarin "het gebroken Portugees tydelijk een geduchte macht" verkry het (bl. 59). Bosman stel die datum vir die gebruik van krom Port. later as 1685, hoofsaaklik in die 18de eeu. en beskou dit in hoofsaak as 'n slawetaal wat in gebruik "ongeveer gelyk sal gestaan het met Bantoe teenswoordig in oostelike dele van onse land" (T. vir W en K. bl. 131. jr. VI.). Die inboorlinge, vreemdelinge en slawe het almal hulle tale vir algemene omgang laat vaar vir Hollands. Bosh. is toegeefliker as Bosm.. maar hy gaan nie sover as Hess. nie. Hy meen dat daar getuienisse genoeg is om bewys te lewer van "die kennis en gebruik van Mal. en Port. van na 1658 af tot in die 19de eeu" en "dat ook slawe van Madagaskar, Mosambiek en Angola, en nie uitsluitend die slawe uit die Ooste herkomstig nie, min of meer bekend was met 'n soort verbasterde Port." en "dat verskillende individue. slawe. Hottentotte. en Blankes waaronder boere sowel as seelui in Tafelbaai en Simonsbaai, verskillendegeskakeerde vorme van Mal. en Port. nie alleen verstaan het nie, maar ook gepraat het. In die meeste gevalle was dit egter slawe" (bl. 359). Maar Boshoff beklemtoon dat die tale nie algemene omgangstale was nie; kennis daarvan onder Hottentotte en blankes was slegs tot bepaalde persone beperk (bl. 360). Verla was die invloed van die twee tale sterk op die kombuis - en kindertaal (bl. 361).

Die bewyse is daar dat Hollands, Mal. en krom-Port. die drie tale was waarvan die bontheid van nasionaliteite hulle bedien het.

Van/.....

Hoofstuk III

Van die drie was Høllands die belangrikste. Dit sê ook Bosman (bl.46); maar die feit dat mettertyd net Hollands as Taal oorgebly het, wil hy gebruik as bewys dat Mal. en Port. vroeër geringe invloed gehad het en in gebruik beperk was.

Met die skrale gegewens, wat soms meer toevallige vondste is as die resultaat van deurstastende ondersoek, oortuig die voorstanders van die twee verskillende menings nie. Dit is Franken wat gegewens bring wat die vrug van deurtastende ondersoek is.

Aanvanklik neem Franken in sy artikel in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns (Sept. 1927) deel aand die polemieke oor die (taaltoestande in die beginjare aan die Kaap. Hy wil ook bewys, op grond van baron Van Rhee se woorde in sy dagboek oor slawekinders in die slawelosies (op 20 Junie 1685 aangeteken), dat slawe krom-Ned. gepraat het en nie Mal.-Port. behou het nie. In sy later artikels van 1930 bly hy heel objektief en gee net die resultate van sy ondersoek van ou bronne --- Hieruit leer 'n mens 'n ander beeld ken. Die bewyse wat hy lewer vir die gebruiklikheid van Mal. en Port. oortuig dat Bosman se opvattinge nie juis is nie, maar dit bevestig nie alles wat Hesseling beweere nie. Bosman het met sy argumente die kring vir die gebruiklikheid van Mal. en Port. al nouer getrek. Franken bring materiaal wat die teenoorgestelde uitwerking het. Alle aanduidings uit sy gegewens wys op groter bekendheid met Baster-Port., ruimtelik en tydelik.

Bosman se polemieke oor die beperkte gebruik van Mal. en Port. in die 17de eeu berus op Van Goens se dekreet van 1657 teen die gebruik van Port., op statistieke waarvan hy self beweere dat hul nie volledig is nie, op gegewens omtrent die taal van die Europese lede van 'n ekspedisie, in 1660 deur van Riebeeck uitgestuur, op Van Riebeeck se "Memorie ter Informatie" (1662) en op --- volgens hom --- die onbetroubaarheid van/.....

Hoofstuk III.

van Kolbe oor die aanleer van "duyts" deur slawe en Hottentotte ----- dit bring hom tot die gevolgtrekking dat "die geldigheid van die argument ten gunste van die Mal.-Port. teorie aldus tot 'n kleiner gebied en 'n korter tydbestek beperk word" (bl. 54).

Die resultate van Franken se ondersoek lei 'n mens tot ander gevolgtrekkings. Uit ou geskrifte, reisbeskrywings, dagboeke, kriminele prosesstukke en ander offisiële stukke het Franken probeer nagaan watter gebruik van Mal. en Port. gemaak is deur die blanke bevolking van die Kaap, deur die slawe en deur die Hottentotte. In "Portugees en Frans in die mond van Hottentotte" (Huis. 16/5/1930) wys hy daarop dat 'n bronnestudie van Kolbe eers nodig is om sy betroubaarheid of onbetroubaarheid te bepaal. Ander skrywers, nog altyd met eerbied bejeen, stem met Kolbe saam oor taaltoestande aan die Kaap, o.a. Valentyn, wat oor die Kaap in 1685 skryf en melding maak van die bontheid van nasies "by welke men met de Nederduitze, Maleitze, en Portugeze taal kan te regt raaken" (deur Franken aangehaal uit VII. p. 38 b).

Franken se bronne is nie voldoende^d om uitsluitel te gee oor die gebruik van Mal. en Port. in die 17de eeu nie; dit is egter nie 'n bevestiging van die teenoorgestelde, nl. dat Mal. en Port. in die 17de eeu van geen of weining belang was nie, want daar is ook vir hierdie gevolgtrekking nie voldoende bewyse in die skriftelike bronne nie.

Die resultate van Franken se ondersoek het veral betrekking op die eerste helfte van die 18de eeu. Vir die periode vind hy bevestiging van ander getuïenisse oor die veelvuldige gebruik van Port. as algemene omgangstaal onder die slawe en tot op seker hoogte die kennis daarvan onder blankes (Huis. 23/5/30). Die groot antal bewyse dwing 'n

mens/.....

Hoofstuk III

mens om aan te neem dat slawe ondermekaar gebroke Port. gepraat het en dat die Oosterse slawe ook Maleis gepraat het. Wat die blankes betref, het. --- afgesien van offisiële tolke --- ook die lede van die Raad van Justisie, en in baie gevalle vryburgers en knegte, nie alleen in die omgewing van die Kaap nie maar ook in die binneland Port., geken, hetsy. verstaan. hetsy gepraat. of albei. Daar is egter geen bewyse dat van die bevolking van die nedersetting Port. of Mal. as omgangstaal gebruik het nie. Franken haal gevalle aan van burgers wat geen Port. of Mal. kon praat of verstaan nie. en 'n geval van vier soldate (1765) en een kompanjiesdienaar (1769) wat ook nie die tale kon praat of verstaan nie.

Wat nou van die 17de eeu? Daar is wel die getuïenisse van besoekers oor die gebruik van Mal. en Port., maar nie genoegsame bewyse wat die taaltoestande in die algemeen was nie. 'n Mens kan egter vra of die toestand wat Franken se artikels vir die 18de eeu laat sien (al van die aanfang af), plotseling in die 18de eeu sou ontstaan het. En soos voorheen gesê. kan nie met juisheid beweer word dat voor die 17de eeu krom-Port. nie onder slawe in gebruik was nie. In "Portugees in die mond van Hottentotte" (Huis 16/5/30) gee Franken gevalle van Hottentotte ('n geval so ver as die Keurboomrivier) wat in die 17de eeu Port. kan praat. Die taal het hulle van die slawe geleer. Die Hottentotte het in noue aanraking met die slawe geleef. Dus moes Port. ook in die 17de eeu die voertaal van die slawe gewees het.

Wat het nou van Mal. en Port. geword na die 18de eeu? Ons het al in die 17de en 18de eeue getuïenisse van Hottentotte wat krom-Hollands leer praat het, en Hollands het uiteindelik van die drie tale --- Hollands. Mal.. en Port. - die enigste taal van blank en nie-blank geword (Engels nou daar gelaat).

In sy/.....

Hoofstuk III.

In sy artikels van 23/5/1930, 18/7/30 verklaar Franken dat die afname in die gevalle van vertolking in die laaste kwart van die 18de eeu 'n bewys is vir die minder gebruiklikheid van Port. onder slawe teen die tyd. Maar daar is wel getuïenisse en ander bewyse dat Port. maar stadig gesterf het (Franken, Huis 24/10/1930). "Aanduiding van hoe laat Port. nog in 'n mate voortgeduur het, kry ons by Von Wielligh. Ons Geselstaal. bl. 35 en in Lord Charles Somerset se bevel aan amptenare aan die Kaap en die binneland (aangehaal deur Franken. Huis 24/10/1930). Von Wielligh weet nog van drie ou blanke persone van die Agter-Pêrel wat in sy kinderjare --- 1860 nog Port. kon praat. Een van hul was sy oupa, wat in sy dae Port. met sy slawe gepraat het. So het baie van sy oupa se tydsgenote ook Port. met hul slawe gepraat nes die grensboere vroeër met Bantoe-werksvolk Bantoe gepraat het. Somerset se bevel aan amptenare, selfs in distrikte buite Kaapstad was dat hul proklamasies aan slawe in beide Hollands en Port. bekend stel. Dit beskou Franken as voldoende bewys dat Port. deur slawe nog aan die begin van die 19de eeu gepraat is. Bosman meen ook dat Port. as taal eers in die 19de eeu verdwyn het (Oor die Ontstaan van Afrikaans. bl 29).

Toe Port. as taal deur Hollands vervang is by almal wat dit voorheen gepraat het, sou dit nie plotseling en sonder spoor verdwyn het nie. Dit was krom-Hollands wat deur die slawe gepraat is, en elemente van hul Port. sou nog daarin voorgekom het. Hierdie inwerking, bewys Franken se artikels, het langer en uitgebreider voortgeduur as tot dusver vermoed is. Dit beteken dat die moontlikheid van ontlenings uit Port. (om ons net by die woordeskat te bepaal) in die kolonistetaal lank bly voortbestaan het.

En wat van Maleis? Hierdie taal het nog langer bly voortbestaan gerugsteun duer die godsdien, sedes, en gewoontes

van

Hoofstuk III.

van 'n deel van die bevolking, die Maleiers, wat tot vandag toe hul eenheid bewaar. Franken se bevinding in 1930 was dat Maleiers as lewende taal so goed as uitgesterf was. Die enigste oorblyfsels onder die Slamse is 'n beperkte getal woorde en geïkete formules in verband met sekere gebruike. Dr. Du Plessis se bevinding (Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afr. Volkslied bl. 9) is dat Maleis as omgangstaal pas na 1850 nie meer bestaan het nie. Onder die Maleiers rondom 1935 was daar by enkele oes van dae net 'n aansienlike hoeveelheid Maleise relikte oor. Wie onder hulle Maleis ken, is die wat 'n spesiale studie van die taal maak of die wat uit die Ooste kom (deur hulle "jewis" genoem). Dr. du Plessis beweer verder dat Maleise relikte al hoe geringer onder Maleiers word. Nou in 1951, 16 jaar later, is daar nog minder oor, het ek gevind. Een van die faktore (die vernaamste) wat hiertoe bygedra het, is die feit dat Arabies die taal van hulle godsdienst geword het. Die Koran is immers in Arabies geskryf.

Om saam te vat, kan ons baie kort uiteensit watter tale deur verskillende bevolkingselemente gepraat is. Wat die Blankes betref, is daar twee groepe: aan die een kant kompanjiesdiensmaats, matrose en soldate, aan die ander kant die burgers. Die eerste groep was altyd vir ruim 50% Hollanders (Bosman bl. 40), dus sou Hollands hulle taal gewees het, maar Mal.-Port. was in die 17de en 18de eeu die lingua franca van die Oosterse handelsgebied --- „daar is bewyse dat Mal. en gebroke Port. daar aan wal (Indië) die algemene tale of taal was" (Bosman. bl. 48). „Die verbreidheid van Baster-Port. as lingua franca in die ou handelsgebied van die Portugese in die Ooste gedurende die 17de en 18de eeue ~~die~~ behoef geen betoog meer nie.” (Franken, Huis 24/10/30). Die gevolg hiervan was dat hul Hollands 'n groot aantal vreemde woorde bevat het "en daaronder veral Portugese en Indiese" (Boshoff bl. 53). Hierdie groep, meen Boshoff, was 'n versterking van die Nederlandse taalelement. Ek meen dat hulle ook kon bygedra het tot die bestendiging van die Mal. en Port elemente.....

47

Hoofstuk III.

elemente in die Nederlands van die Kaap.

Die burgers was ook groten deels Hollanders --- direk uit Holland of oudgaste. Ons het al gesien dat baie onder hulle Port. kon praat, en wel met hulle slawe gepraat het. Hollands was egter hulle omgangstaal.

Wat die nie-blankes betref is daar twee groepe, slawe en inboorlinge. Die inboorlinge, Hottentotte, het gou krom-Hollands leer praat. Hulle het egter in noue aanraking met die slawe geleef, en daar is voorbeelde van hulle wat Port. aangeleer het. Die tweede groep, die slawe, was afkomstig uit Afrika en uit die Ooste. Daar is bewys dat die slawe uit Afrika ook Baster-Port. gepraat het. Die Oosterse slawe het 'n taal gepraat bestaande uit Indiese elemente en Baster-Port. Die Maleiers onder hulle het 'n min ofmeer geraagdbraakte Maleis gepraat.

Die volop aanraking tussen al hierdie bevolkingelemente het een taal tot middel van verkeer gemaak, en daardie een taal was krom-Nederlands (Franken: "Die taal van Slawekinders en Fornikasie met Slavinne" in T. vir W. en Kuns, Sept 1927.) , maar Mal. en Port. het daarna 'n ^{belangrike} ~~belangrike~~ rol gespeel. Ons sien 'n weerspieëling van daardie rol eers in die krom-Nederlands wat tot krom-Afrikaans oorgegaan het, en later in Afrikaans self. Dit is die doel van hierdie studie om 'n deel van daardie rol krities na te gaan, nl. die Mal. en Port. woorde in Afrikaans.

As ons afgaan op wat van Mal. en Port. vandag in die algemene Afrikaans oorbly, afgesien van woorde uit hierdie twee tale in die Afrikaans van spesiale kringe en in bepaalde gebruiksfere, moet ons met Bosman saamstem dat dit gering is. Maar dit is 'n baie onvolledige prent. Baie Mal. en Port. woorde het as gevolg van veranderde omstandighede en veranderde geestelike en kulturele uitkyk onder Afrikaners mettertyd verouderd geraak of heeltemal uitgesterf. Met sy studies bring Franken ons 'n hele aantal woorde op die gebied van die

toponimie/.....

Hoofstuk III

toponimie die vissersbedryfen igtologie wat niemand tot dusver onder Mal. en Port. relikte behandel het nie. En as ons die bo-gesketste taaltoestande in gedagte hou, wonder ons hoeveel vroeër ontlenings mettertyd uit afrikaans verdwyn het wat ons miskien nooit sal agterkom nie gesien die paar skriftelike bronne.

HOOFSTUK IV.

Dit het mettertyd gelyk of die studie van Mal. en Port. woorde in Afr. vasgeval het en of daar geen verdere vordering kon gemaak word nie. Hierin het daar gelukkig 'n vyf jaar na die verskyning van die omgewerkte studies van Hess, en Bosq. verandering gekom. Die persoon wat nou weer vernuwing in die studie van Mal. en Port. aan die Kaap gebring het, was J.L.M. Franken. Jare lank het hy navorsings werk in die Kaapse argief g^oedoen en in 1927 die resultate van sy ondersoek begin publiseer in verspreide artikels in die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns en in die Huisgenoot.

Hy het gegewens van belang ontdek wat nuwe lig werp op die gebruik van Mal. en Port. aan die Kaap in vroeë tye; hy het in die Kaapse Stukke, veral van die 18de eeu, bewysplase gevind vir die gebruik van Mal. en Port. woorde; met behulp waarvan hy die etimologie van verskeie van hierdie woorde wat in Afr. oorgegaan het maar waarvan die herkoms nog duister of onseker was, kon vasstel; hy het opnuut die spreektaal veral van die Slamse bevolking ondersoek om na te gaan wat daar nog van Mal. en Port. woorde onder hulle leef; en hy het 'n aansienlike oes ingesamel op tot dusver onontgonne gebiede, bv. die van die toponimie en die vissersbedryf. Sy nuwe materiaal met bewysplase uit ou bronne help ons om tot 'n suiwerder oordeel te kom oor die geldigheid of ongeldigheid van baie argumente uit vroeër teorieë oor die ontstaan van Afr. Franken se werk het in taalkundige kringe nie die aandag geniet of behou wat dit verdien het nie. 'n Gedeelte van sy werk ^{het} heeltemal of gedeeltelik vergete geraak, wat miskien te wyte is aan die manier waarop dit gepubliseer is. Dit is kensketsend dat toe Boshoff in 1936 'n etimologiese woordeboek van Afr. uitgee, Prof. J. du P. Scholtz in 'n bespreking in Ons Eie Boek (dl 2. No 2.) daarop moes wys dat die skrywer enkele van die belangrikste artikels van Franken nie geken het nie. Ek het reeds voorheen meer as een keer van Franken

~~ge~~.....
re

45

Hoofstuk IV.

se werk melding gemaak, en in die vervolg sal ook so noukeuring as moontlik daarmee rekening gehou word. Hier volg nou 'n oorsig van die belangrikste resultate van Franken se werk in verband met Mal. en Port. woorde in Afr. Ek gee eers die nuwe woordmateriaal wat hy bygebring het en daarna sy behandeling van woorde wat al deur ander voor hom bespreek is.

1. Nuwe Woorde:

- (1) Visname en woorde wat in verband met die vissersbedryf staan:

Bamboesvis, (leenvertaling., Port. Pisce bamboe),
benyt (Port. bonita), oer-oer ("seekwal", Mal. oebœr-oebœr), perdevis (leenvertaling, Port. pisce cavallo)
tjokka of tjok (soort seekat", Port. choco), ontong (seekatsoort", Mal.) biera-biera ("die visnet omtrek", Baster-Port.) para ("stilhou", Baster-Port.)
tjappa ("stadig roei", Baster-Port), tjowa (probeer", Mal. Mentjoba).

2. Op die gebied van die igtiologie:

Basjan (Port. fayson), ghaibout (Port. gavota),
malgas (uit Port. mangas deur assosiasie met malmok).

3. Topografiese benaminge: Franken (Huis., 7 Nov. 1930)

het in 1930 'n aansienlike aantal benaminge vir plekke en tekens om die skiereiland van Mal. en Port., herkoms gegee., bv. Batghiela ("Malklip") Bangbarœ ("Nuwe grond"). Hoewel op sigself baie interessant, laat ek hulle hier onbespreek.

4. Verouderde Woorde:

In ou Kaapse stukke het Franken 'n klein aantal woorde van Mal. en Port. herkoms teëgekomp, die meeste 'n enkele keer en vroeg, o.a.:

Poeta ("hoor", 1741), geras, kassa (stofname., ook nog in die Boerevrou, sept. 1916), amok (1705), pegeen (†ang" 1764), tabee ("groete", 1705) trombas (Port. vir seebamboes., 'n woord voor 1652^a bekend).

5. Woorde...

Hoofstuk IV.

5. Woorde van Mal. en Port. herkoms wat Franken nog self buite die Slamse gemeenskap gehoor het:

anghoeriemán, bantot, gammatjie, ghiela, getjieta-getjoeta (deur Voortrekkers gebesig), maai en pagaai, maaidekaai, rampatjie, soeda, soesa, taijoelie, tempie, tramas --- almal Maleis., en Port. karmonk, mofinjoe, moor, rabas, rysbrensie en ambraal (?) Franken se afleiding vir bostaande en ander woorde is:

Anghoeriemán: "kantstreepman by amblou", anghoerie uit Mal. anghoes soos jentoerie uit jentoe.

Baba: Port. vava met tipiese Oosterse b. vir Port. v. bv. Port. vacca word Oosters-Port. baka, gaivota word ghaalbout). In die Ooste word baba piquinin gebruik in die betekenis "klein kindjie".

Bantot: "uitgeput", Mal. bantot "in die ontwikkeling agterbly". (Die afleiding is m.i. nie heeltemal oortuigend nie).

Boere-van-die-nag: eufemisties vir hoere-van-die-nag, leenvertaling van Mal. soendal malam, 'n blomnaam.

Disa: Port. diasa na en ter ere van Dias.

Getjieta-getjoeta: "gekerm", Mal. tjinta "kommer, sorg droefheid," en tjoeta "smaad", mentjita (h) "janken soos klein kinders".

Ghiela: "mal", Mal. gila "mal".

Jaggetra, in "so oud soos die weg van Jaggetra", meen Franken is Jahatra uit Djakarta, 'n ou Javaanse ryk.

Jentoe: "hoer", Mal.-Port. gentoos uit gentio "a gentile", met begryplike betekenisverandering uit nie-Christelike standpunt.

Karmonk: Port. cardamongo.

Maaidekaai "baasagtige persoon", Mal. madja kaja uit menadja kaja "jou as 'n ryk vors voordoen."

Maai en pagaai: (Mal. main "speel" en pagaai via Ned. uit Mal. (vlg. van Dale).

Mofinjoe "onheilspellend", Port. mofinjoe, mofinjó.

Moor, Port. mouro vir Mohammedaan in Indie.

Rabas, 'n plantnaam; Baster-Port. folla rabassa.

Rynsbrensie, Port. brinje.

Soeda "toe maar, laat bly maar"; Mal. soedah "Klaar,

of gedaan.....

gedaan ". (Ka) soesa "geraas, gedoente"; Mal. Kasoesahan
"Moeilikhed."

Taijoelie, 'n geliefde skeldwoord nes maaifœdie; Mal. tahi
oeli

Tempie " 'n koekie" Jav. timpe "koekie" Prof. Scholtz wys
op 'n ander ewe aanneemlike oorsprong: Zaans timp "klein
kœkie".

Tramas word by amblou gese as iemand die reels oortree:

Mal. tramasoe (h) "kom nie hier in nie".

11. Ou Woorde: Van die volgende woorde, tot sover van
onseker hierkoms, gee Franken aanneemlike afleiding:

Abdolkata, Mal. adoelkata uit apolakata uit apa lo kata, "wat
se jy?" (Ek het nog by een ou bejaarde Slams die vorm apolakata
gehoor)

Anghoes, Mal. anghoes "geskroei, gebrand, verbrand."

Faikonta, Baster-Port. fazia conta "to esteem, reckon."

Gekempera "vam gemengde bloed", Port. tjempra. Ek het nog die
volgende by van Ronkel gevind: Mal. tjampera "mengsel van ete,
tjou-tjou' en tjamperan" mengsel".

Rappatjoepa "allerlei slag van volk"; Mal. rampa en tjampoer,
albei in die betekenis "vermeng".

Riewas-riewas, Franken ken dit in die betekenis van "Loon, Betaling"
en gee Mal. riwa "profyt, wins", 'n woord vandag nog onder
Slamse bekend. Prof. Scholtz meen dat die woord in betekenis
"kleinigheidjies, bykomde sake, buitekansies" (vgl. Mansvelt,
Patriot-Wdb., Von Wielligh) eerder kom uit Mal. roepa-roepa
"allerlei, allerhande" (Woordeboek van Mayer). Vieruurtjies,
leenvertaling van Port. foela quater horas, sê Franken, is nie
so belaglik soos Boshoff meen nie want uit beskrywings van die
blom in ou geskrifte is dit duidelik dat van ons vieruurtjies
gepraat word.

In sy artikels het Franken 'n aansienlike aantal Mal. en
'n paar Port. woorde en uitdrukkings opgeteken wat hy nog in
1930 in die Afr. van sekere Slamse aangetref het. (Huis. 24 Oct.
7 en 14 Nov. 1930: "Maleis en Portuguese relikte aan die Kaap
vandag").

Hierdie...

46

Hoofstuk IV.

Hierdie woorde, waarvan die meeste vandag onbekend is (Franken het sy materiaal al in 1930 by bejaarde Slamse gekry) is van belang vir die taaltoestande aan die Kaap van Vroeër, want dat daar nog in 1930 sulke aansienlike oorblyfsels van Mal. was, is 'n bewys dat Mal. voorheen, ten minste onder die Slamse, as taal van belang was, en 'n bewys dat hierdie taal nog langer voortbestaan het as wat tot dusver gemeen is --- dit is dan ook die strekking van Franken se betoog. Van 'n deel van hierdie materiaal sal ek in die volgende hoofstuk gebruik maak.

Franken se artikels is belangrik vir die datering van baie woorde as gevolg van sy diepgaande studie van ou Kaapse stukke. Van die inligting deur hom verstrekk plus die van Prof. Scholtz het ek gebruik gemaak vir die datering, sover moontlik, van Mal. en Port. woorde.

Franken se gegewens bring sekerheid oor die herkoms van Basta, maaifoedie en pikkinien:

Basta: hy toon aan dat dit Port. is (Huis 9 Jan 1931). Hy staan hier teenoor Bosh. en Bosm. wat meen dit is 17de eeuse baster-Holls. (oorspr, uit Italiaans).

Maaifoedie: die bewysplase en die manier van gebruik oortuig dat die woord Port. is (Huis. 23 Mei 1930, bl 65 kol 1). Bosm. wou die woord in die 17de-eeuse dialekte soek.

Pikkinien: dat pikkinien 'n erfwoord moet wees, bewys die gebruik daarvan in die lys van Van Riebeeck se slawe, nl. Marij pekenijn (uit Baster-Port. pikniene "klein"). Die woord het dus nie via Engels in Afr. gekom nie (Bosh. bl. 372). Oor visname wat reeds in Pettman 1913 verskyn, gee hy nuwe inligting, nl. die afleiding van die waarvan die herkoms onbekend was; meer bevredigende afleiding van enkele ander; en bewys van hulle gebruiklikheid vóór 1652 om aan te toon dat hul erfgoed is:-

Janbruin, 'n vervorming van tambryn, kom uit Port, tamborino, en nie soos Pettman meen uit Mal. tambra, ^{tambarak} ~~tambarak~~ nie; jandorie, miskien 'n vervorming van Mal. ikan dori

of...

117

Hoofstuk IV.

of jang dori, darraad (daghera, darra) is geen verbastering van dageraad (daeraad) soos Gilchrist meen nie, maar kon uit Port. dorado; parrie (paddie) kom uit Mal. ikan pari, "die rog"; tornyn uit Port. toninas.

In aansluiting by Franken se optekening van Mal, en Port. relikte aan die Kaap moet ook gewys word op die werk van I.D. Du Plessis in verband met die taal van die Slamse; die resultate van sy ondersoek is kort gestel in Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied, bl 9-14 .

Du Plessis wys veral op die kennis en gebruiklikheid van Maleise woorde onder die Slamse. Van sy materiaal wat vir hierdie studie van belang is, sal ek in die volgende hoofstuk gebruik maak. Hier maak ek net 'n paar opmerkings oor sommige woorde wat hy noem.

My bevinding, nie alleen onder Slamse wat voorgee dat hulle Maleis ken of wat dit probeer aanleer nie, maar onder alle soorte, is dat: bapa (meestal bap) 'n eerbiedige aanspreekvorm vir ouer persone is; doepa is nie meer algemeen gebruiklik nie --- baie Slamse ken dit nie, want as wierook gebruik hul nou o.a. mieang; ghoeroe word gebruik om op heel eerbiedige toon bekende oorledenes aan te dui wat as heiliges beskou word; pamam kom meer voor as pang en word ook gebruik as aanspreekvorm; djamman (gemakhuisie), poeasa, lebaran (die fees aan die einde van die poeasa) is algemeen gebruiklik; en biengho ("deurmekaar", uit bingoeng) en doekom (doekom " 'n toordoktor") is twee woorde wat buite die kring van Slamse bekend en gebruik is, bv. "hy praat my biengho" en "jy sal jou doekom teekom". Kabaai is weinig bekend.

Du Plessis gee 'n lys "minder gebruiklike" woorde waarvan die volgende 'n aantekening werd is: menienghal ("sterf") is na my bevinding wel algemeen gebruiklik onder Slamse; Kanalladorp (huise opgerig deur wedersyde hulp) bevat die veel gebruiklike kanalla ("asseblief") --- vlg. kannalla-wrk ("werk vry verrig"); rammie ("vrolik") is ook algemeen bekend

Hoofstuk IV

b.v. "dit gaan rammie daar".

Ons het alreeds van Bosh. se Etimologiese Woordeboek wat in 1936 verskyn het, melding gemaak. Hierin gee hy addisionel e materiaal wat na die publikasie van sy werk in 1921 aan die lig gekom het. Die afleiding is in enkele gevalle aangepas by die resultate van navorsing wat in die tussentyd gedoen is. Ons het reeds daarop gewys dat Franken se studies met die nuwe materiaal en bevinding daarin nie ten volle deur Bosh. in ag geneem is nie. In die algemeen word die gevolgtrekkings van Volk en Taal in Suid-Afrika behou.

M.i. word woorde weggelaat wat meer reg in 'n Afrikaanse woordeboek het dan vergete woorde wat, soos Prof. Scholtz (ons Eie Boek 11, 2) sê, "nooit deel van die Afrikaanse woorde-skat uitgemaak het nie", soos alkatyf, catje, coubang, farinka mirikda en ander woorde wat hul bekendheid net daaraan te danke het dat hul wetenskaplike literatuur oor Mal. en Port. woorde in Afr. vermeld is. Bekende of "etimologies interessante" woorde wat weggelaat is, is o.a. amblou, riewas-riewas, rysbrensie, soÿtmaling, tempie. Het hy rekening met Franken se studies gehou sou hy kennis gemaak het met die "stewig gefundeerde" etimologiese van adbolkata, gekempera, jentoe, rappatjoepa, riewas-riewas, rysbrensie, sabander, tramas. Verder hou Bosh. nog vas aan 'n verkeerde afleiding van 1921 in meer as een geval waar hy toe nie " 'n betroubare kritiese maarstaf" toegepas het nie. Scholtz meen tereg dat in die geval van akkelpienies dit natuurliker sou wees om die herkoms van die woord in die Ooste te soek as in Wes-Vlaandere gesien die wyse waarop die woord gebruik word.

Ten slotte noem ek die werk wat deur Prof. Scholtz gedoen is. Hy het hom wel nie opsetlik met die studie van Mal. en Port. woorde in Afr. besig gehou nie, maar in Uit die Geskiedenis van die Naamgewing van Plante en Diere in Afrikaans, 1941, en in sy artikel "Leksikologies Aantekeninge uit ou Kaapse Bronne" in Ts. vir W. en K., Mei en Nov. 1947, vind ons heelwat

historiese...

(1)

Hoofstuk IV.

historiese gegewens, oor die gebruik van Mal. en Port. woorde aan die Kaap.

Hy gee al die vorme van die woorde soos hy hulle opgeteken gevind het. Dit gee 'n beeld van die klankerverandering wat die vreemde woorde ondergaan het, wat in meer as een opsig van belang is. Dit help by die datering en by die afleiding. Voorbeelde hiervan is baie en ramkie. Van baie, vind ons die vorme banja banyan, banyank (uit Mal. Banjak) --- "Meurant se Afrikaans", die Huis. 22 Aug. 1941. Van ramkie, ramkienkie, rakien, ravekinge rabekin (uit Port. rabequina). Die vroegste bewys vir ons vorm ramkie vind Scholtz in 1806 (Bydrae tot die Geskiedenis van die Afr. Woordeskat", bl. 29.)

Baie van Scholtz se bevindings bevestig etimologies wat Franken ons gegee het, en ons kry ook tegelykertyd bewyse van kennis van Port. woorde by Nederlanders voor 1652, b.v. benyt, basjan, flamink, halfkoord, malgas, pikkewyn. Hy vul ook Franken se werk aan in sy soek na Mal. en Port. relikte in Afr. van afsonderlike groepe of in verskillende gebruiksfere. Hy het veral 'n studie van die visserstaal gemaak en o.a. die volgende opgeteken: baffa (om 'n vislyn met bloed te bewerk), laitjeur ("ongelukkig"), mencempang ("gee kans om saam te gaan").

Al drie gebruik veral sommige van die ouer vissers nog, Slams en nie-Slams. Laitjeur is selfs buite die visserskring bekend.

In sy studies kry ons uitsluitel oor die herkoms van bottel (via Ned. uit Frans en nie uit Port. nie) en moveer, 17de-eeuse basterwoord uit Lat. movere (Leks. Aant."). Dat hy froetas nog self in die Boland gehoor, verseker m.i. die afleiding van froetangs uit Mal-Port. froeta. Na wat meegedeel is in Leks Aant." oor lemmetjie is dit veilig om aan te neem dat die woord uit Port. in Ned. gekom het.

Scholtz is dit met Hess. eens (teenoor Bosm. en Bosh). dat sies uit Mal. kom --- Mal. (Jav) tjis "foei"! (Van Ronkel, Wdb.) Mal. chis "for shame", "bah!" an interjection of disgust (Wilkinson, Wdb.) Dit staan ook vas dat kerrie, seroet en tjap nie via Eng. in Afr.

gekom.....

Hoofstuk IV.

gekom het nie, want kerrie, kom ook al in die 18de eeu aan die Kaap voor en seroet (1793), tjap(1682) --- "Leks. Aant".

Scholtz het nog 'n aantal woorde van Mal. of Port. herkoms vir homself opgeteken. Ek gee hulle hier met die afleiding soos ons hulle vir 'n groot gedeelte gesamentlik opgespoor het: Akkel in "vol akkels wees; hy het baie akkels;

"Akkels maak" gesê van iemand wat enigiets op enige gebied knap doen; Mal. akal "verstand, vernuif".

Amies, onder Slamse van iets wat onwelriekend is; Mal. amis "slegruikend".

bienghoe "poot-uit, klaarpraat"; Mal. bingoeng "verbysterd, versuf, bedremmeld".

jarrie (soms tjadi) in "die boom sal nie hier jarrie nie", dws. groei, beantwoord"; Mal. djadi "groei, gedy".

Kajaar "klapperhaar"; Mal. Katjar.

kaladie (kallalie), Mal. kaladi, 'n plant met 'n groot blaar en eetbare knol wat op vogtige grond groei.

katonkel ook katonka, Mal. kětangkai.

laai-laai, van persone gesê "af, astrant, vir niks stuitend nie," ook "laai-laai praatjies" in die betekenis "niksbeduidende praatjies"; Mal. lalai "agtelos, onverskillig, sorgloos lighartig onbedagsaam."

laitjeur "ongelukkig (veral by visvang), onheilspellend"

Mal. latjoer "ongelukkig, mislukt, niet fortuinlijk" (Mayer, Wdb.)

Loeka (S) "'N gat in 'n tol gekap"; Mal. luka "wond kwetsuur, letsel."

mencoempang in Mal. "om mee te doen, mee te vaar".

pakka, by albasterspel gesê as iemand moet "opdok" vergoeding betaal; Port. pagar en pago "betaal en betaling."

rampoempunt, "Die stomp punt van 'n tol wat 'n goeie tolspeeler verwyder en vervang deur 'n skroefpunt" (volgens Scholtz).

Mal. rampoeng "geskaad duerdat die punt daarvan af is."

Sampijoe (sjapijoe), ou woord vir hoed onder ^{die} Slamse,

Hoofstuk IV

chapiou uit Port. chapeo "hat of European type --- an obsolete word" (R.J. Wilkinson, Malay --- English Dict.)

sampiet "'n stuk riet gebruik om wyn uit 'n vat te suig" ook "manlike roede"; Mal. soempitan (soempit) "blaaspyp."

samme joeka "om die ewe; dit kom nie op aan nie"; Mal. sama djoega "een en dieselfde."

sarang (al by Pettmann), Mal. serang "stuurman, bootsman"

(van Ronkel en Mayer).

triepa; "seekomkommer op sekere wyse voorberei; Mal. tēripang eetbare seedier."

52

HOOFSTUK V.

Die voorgaande oorsig van die versameling en bestudering van Lal. en Port. woorde in die Kaapse taal het ons laat kennis maak met 'n groot aantal woorde uit verskillende tye en taalkringe, van verskillende aard en gebruiklikheid. Hier en daar is al gewys op die verskil in gebruik en verspreiding van sommige woorde, maar dit is nog nie so stelselmatig gedoen dat ons 'n suiwer indruk kon kry van die plek wat die Lal. en Port. woorde in die Afr. woordeskat as geheel inneem nie. Dit is nou ons bedoeling om die heterogene materiaal te skif en in groepe in te deel, om daardeur 'n oorsigteliker, meer samehangende en beter geordende beeld van die geheel te kry. Dit sal dit vir ons moontlik maak om presieser te oordeel watter rol die Lal. en Port. woorde in die samestel van die Afr. woordvoorraad speel.

(1) Om mee te begin skakel ons uit ons oorsig uit alle woorde deur Hesseling (Het Afrikaans 89-92) en Franken (Die Huisgenoot, Junie en November 1930) uit Kaapse stukke van die 17de en 18de eeu opgeteken wat nie na die einde van die 18de eeu in Kaapse taal teruggevind is nie. Die meeste van hulle het waarskynlik nooit tot die kolonistetaal of slawe-Hollands behoort nie. Van die groep gee ons hier selfs geen voorbeelde nie. Van enkele weet ons wel dat hulle 'n tydlang bestaan het in die taalvorme wat ons interesseer, maar hulle is so selde gebruik of het so kort geleef dat hulle vir ons doel kan verwaarloos word. As voorbeelde noem ons net bonkesje en tabeetjes uit die lys van Hess. en ramassen en rampoeken uit die vondste van Franken. Woorde soos amok en kri(t)s wat in hedendaagse Afr. geskifte voorkom, is feitlik seker betreklik kort geleëde opnuut ontleen via Nederlands, sodat ook hulle vir ons min betekenis het.

(11) Daar is 'n aansienlike aantal woorde van Lal., en 'n heelwat kleiner aantal woorde van Port. oorsprong wat net

Hoofstuk V.

gebruik word, of tot onlangs gebruik is, deur die Maleier-gemeenskap. Dit spreek vanself dat ons hierdie woorde nie gelyk kan stel met die Mal. en Port. woorde wat ook in ander Afr. taalkringe bekend is nie. Ons moet hulle dus apart groepeer. In hfst. 1, bl. 9-10 het ons reeds ongeveer 25 Mal. en 2 Port. woorde van hierdie kategorie uit die lys van Leibbrandt opgesom. Dit is opvallend hoe vinnig hierdie woorde aan die uitsterf is. Dit is deur Franken, Du Plessis en nou ook weer deur myself vasgestel dat net 3 uit die plusminus 27 Mal. en Port. woorde van Leibbrandt hierbo genoem nog onder die Slamse bekend is, nl. bapa, mandi en paman. Maar Leibbrandt se lys van 1882 was glad nie volledig nie, en ondersoek van die afgelope vyf-en-twintig jaar, het heelwat nuwe woorde aan die lig gebring wat uitsluitend deur die Maleiers gebruik word. By navraag het ek gevind dat baie van die woorde ook al weer in onbruik raak. Miskien was sommige van hulle al aan die uitsterf toe hulle die eerste keer opgeteken is. (Die woorde wat in die afgelope tyd uitsluitend in die Afr. van die Slamse aangetref is, kan in drie afdelings geplaas word: 1) die wat in verband staan met hulle godsdiens; 2) die wat in verband staan met die besondere beroepe wat hulle uitoefen; en 3) woorde van meer algemene aard. Ons sê iets meer oor die drie groepe.

(1) Die Slamse gebruik nog sekere formules wat meestal uit 'n vermenging van Arabiese, Maleise en ook Afrikaanse woorde bestaan. Hierdie formules is nie deel van hul normale taal nie, sodat ons hulle onbespreek kan laat. Woorde wat direk met godsdienstige plegtighede verband hou, is grotendeels Arabies. Van Mal. herkoms is ajer sembajang "gwyde water", koeroeng batang "halfsilindervormige raamwerk

Hoofstuk V.

oor draagbaar by begrafnis", mandie "'n dooie was", toetoeapan "dekkleed oor draagbaar", tonka "priesterstok". Ander Mal. godsdiensterme wat tot die taal van kleurlinge en blankes deurgedring het, sal ons later behandel.

(2) Die Slamse het hulle lank veral besig gehou met die visvangs. Verskeie Mal. en 'n kleiner aantal Port. woorde in verband met die bedryf het tot hulle eie Afr. beperk gebly. In die tyd van Franken se ondersoek was baie van hierdie woorde al aan die uitsterwe. Hy noem die Mal. dajoeng "roeriem", angkat lajer "die mas met die seil opsit", boeang batoe "gooi die ankerklip", batoe tana "die ankerklip vat grond", diatas "bo", sparroe "helfke", dibawa "onder" (na gelang die vis bo, in die middel of onder in die seewater is), ikang makang ikang "eet, vis!" (uitnodiging van die vis om te byt) en die baster-Port. biera-biera "draai(die treknet)". Nog as lewende terme deur Franken en Scholtz aangetref, is die Mal. djalamalang "oornag met die treknet visvang", menoembang "meedoen" (uitroep waarmee visser vra om saam ~~te gaan~~ te gaan in 'n skuit), tjowa "probeer (hier of daar vis is)" en die Port parra "dryf sonder om te roei, stilhou" en tjappa "saggies nader roei". Ek het by ondervraging gevind dat hierdie woorde nou ook selde of nooit meer gebruik word nie. Dit sal waarskynlik die gevolg van die meganisering van die visvangs in die afgelope jare wees.

In verband met die visbedryf moet ook die name van visse en ander seediere en seevoëls genoem word. Name van gewone eetbare visse wat in die handel kom, het maklik buite die kring van die vissers self verbrei geraak. Hulle noem ons later. Ander Mal. en Port. name het tot 'n klein taalgroep van hoofsaaklik Slamse kusbewoners beperk gebly. Dis nie maklik om hier 'n skerp grens te trek nie. Ek meen tog dat die Mal. name jandorie, panga, parrie (al drie soorte vis) en oer-oer "soort seekwal", ontong "soort seekat"

Hoofstuk V.

en die Port. name basjan en ghaaibout (soort seevoëls), tambryn of janbruin (soort vis) en tjokka (klein inkvis) feitlik net onder die vissersbevolking bekend is. In Paar van hierdie name sal weer ter sprake kom as ons oor die die datum van ontlening iets sê.

(3) Onder die woorde van meer algemene aard noem ons eers die wat al in die tyd van Franken en Du Plessis se ondersoekings net nog in beperkte gebruik onder die Slamse was of nie tot hulle gewone taal deurgedring het nie. Hulle is bantot "uitgeput", kassiang (in: die arme kassiang, uitdrukking van meelye), maniengha(l) "sterf", rammie "vrolik" sama-sama "ook so", slamat tidover "slaap lekker", sambar "geraak deur bese invloed", slenning "'n kledingstuk, Mal. selendang), tabik 'n begroetingsvorm, tamploera "kwispedor" uit Mal. tempat loedah "plek vir speeksel"), teriema kasia dankie". Tot die alledaagse Mal.- Afr. van ongeveer 'n twintig jaar gelede het nog behoort die Mal. verwantskapname baba "vader" pamang (of pang) "oom", soedara "broer", verder die begroetingsvorme malbaai (uit malam baik) "naand", soema "goeiemôre", enkele woorde wat verband hou met huweliksgebruike of die geloof aan bese magte, soos lambaar "huweliksaansoek", maroe "'n tweede vrou neem", oenang "uitnoui tot die huweliksfees", rampie uit boenga rampai "mengsel van blomme", batapa "inswering by die bese gees", mofienjoe "onheilspellend" (uit Port. mofinjo), laitjeur "ongelukkig, onheilbrengend", en ten slotte die woorde bantaggang "astrant", djamman "gemakhuisie", jarrie "groei, aard (van plante)" uit Mal. djadi, kietaps, kaduks, uitgeput" (uit Mal. mengidap "sukkel, siek wees". Afgesien van die woorde wat deur Franken en Du Plessis versamel is, het ek hierbo ook enkele woorde vermeld wat Scholtz ruim 'n twintig jaar gelede opgeteken het.

Hoofstuk V.

Die meeste van die woorde in hierdie afdeling is nou nog maar by enkele bekend of glad nie meer in gebruik nie. Aan die lys van woorde van algemene aard kan ek nog toevoeg denning (vleis), wat kom van Mal. dendeng "in die son gedroogte vleis". 'n Paar ander --- soos ghal, ghalaghala of ghalak--- verswyg ek hier omdat hul afleiding uit Mal. of Port. nog al te onseker is.

Dis van belang om daarop te wys dat van al die woorde in hierdie onderafdeling net mofienjoe van Port. oorsprong is --- die ander ~~al~~ Maleis.

(111) Die Maleis^e/gemeenskap maak deur hul godsdiens en vir 'n deel ook deur hul herkoms 'n min of meer gestore Afr. taalgroep uit. Hulle kan natuurlik nie skerp geskei word, ook wat hul taal en tradisies betref, van die veel ruimer Maleis-en Baster-Portugeessprekende Kaapse slawebevolking van die 17de tot die 19de/eeu nie. Tog lyk dit in 'n sekere mate moontlik, en daarom ook wenslik, om die woorde wat van hulle as kultuurgroep in die algemeen Afr. oorgegaan het, te skei van dié wat uit 'n breër laag van Maleis-en Portugees-sprekendes in die Kaapse Holland^es oorgegaan het. So dink ons aan terme in verband met hulle godsdiens: doepa, "wierook" (nou vervang deur mienang"), ghoeroe, "geestlike leermeester", kramat "heilige graf", lebarring "feesdae na die vastyd", pöewasa "vas". Dat die woorde in Afr. dikwels in 'n veranderde betekenis gebruik word, maak nou hier nie saak nie. Tot 'n verwante sfeer behoort doekom (in Afr. "hy is jou doekom, jy sal jou doekom teëkom, uit doekoen "geneeskundige"), moesoek, paljas en sjeal (in dieselfde betekenis as laitjeur en mofienjoe hierbo genoem). In verband met die drag van die Slamse staan kondee, kaparring, sampejoe "hoed" ('n nou verouderde woord, uit Mal.-Port tjappiau) en toeding. Hierby kan ons ~~moeg~~ die woorde wat name van eetware is: Kadjang-ghoreng, kwee-kwee "soort koekie" en triepa "soort sous van

Hoofstuk V.

van seekommer gemaak." Verskeie van die woorde (o.a. die laaste drie) is vandag net in baie beperkte kringe buite die Maleir-gemeenskap bekend. Juis omdat die woorde veral in die taalkring van **Slamse leef** (of tot kort gelede geleef het), meen ek dat hul daaruit versprei het. Maar ek erken dat ons hier dikwels met twyfel gevalle te doen kry. Opvallend is ook hier weer net die een Port. woord, nl. sampejoe.

(1V) Net so min as wat ons die Mal. en Port. woorde wat tot die Maleiergemeenskap beperk is, op een lyn kon stel met die wat ook daarbuit voorkom, net so min kan ons alle woorde wat ook deur ander as die Slamse gebruik word, oor een kam skeer. Aand die een kant is daar woorde wat net hier en daar gehoor word, aan die ander kant die wat tot die woordeskat van enkele Afrikaanssprekende behoort. Ons behandel eers 'n aantal woorde wat, sover ons kon nagaan, by baie min mense bekend is of miskien al heeltemal verouderd is. Hulle is meestal woorde wat in die tydperk van opsporing van Mal. en Port. ontlenings in Afr. eens laat uit die volksmond opgeteken is ('n aanduiding van hulle seldsaamheid!), of woorde wat al wel bv. by **Mansvelt** voorkom maar waaromtrent ons getuienis het dat hul 'n dertig, veertig jaar gelede ook al seldsaam was (verklaring van ouer Afr. taalkundiges). Ons maak 'n paar onderafdelings om redes wat gaandeweg sal duidelik word.

- (1) Maleis is: Akkel (vir gebruik kyk Afr. Wdb).
 uit akal "vernuf, lis, inval", amies "slegruikend",
biengho "verbysterd, bedremmeld", gekempera "van
 gemengde bloed" en tjampetjoejre "deurmekaar"
 (albei uit Mal. tjampoer "vermend"), getjieta(-getjoeta)
 "gekern" (uit Mal. tjinta "kommer, droefheid"),
ghiela "gek", koetie "slaan" (uit Mal. koeti "straf")
kotjak(streke) waarskynlik uit Mal. kotjak "verwaand,
 blufferig; ook: ongereeelde bewegings", koevade - koewarie

Hoofstuk V.

- "kordaat" (waarsk. uit Mal. koeat "sterk"), lallai (praatjies)
 "lawwe, onbeduidende praatjies" (Mal. lalai "onverskillig,
 lughartig), maaidekaai "baasspeler" (Mal. madja kaja "zich
 als Vorst aanstellen"), rampatjie "halfslag" (Mal. rampai
 "dooreengemengd"), rappatjoepa "deurmekaar spul" (Mal.
rampai plus tjampoer) sabander "dadelik" (Mal. sebanter),
sammejoea of sammejoea "om die ewe" (Mal. sama djoega), soeda,
klaar, soesa "moëite", taijolie --- 'n skeldwoord (Mal.
 Tahi-oeli "geknedde drek").

Portugees is: faikonta "kasta, kamma" en trawal(lo)
 "moeilikheid" (uit Port. trabalho), en moontlik ook jentoe
 "hoer" (volgens Franken).

Wat bostaande woorde tot 'n groep maak, is dat hulle
 almal in meerdere of mindere mate met gevoel gelaai is. Later
 sal ons nog 'n paar soortgelyke woorde noem, maar hulle is
 veel gewoner in Afrikaans.

Let weer op die skaarsheid van Port. woorde in hierdie
 onderafdeling.

(2) 'n Groepie woorde wat ook net in beperkte gebruik
 is, is die wat tot die gebied van die kinderspelletjies hoort.

Maleis is: Addolkata (volgens die afleiding van Franken),
anghoes, 'n term in die addolkata-spel (Mal. anghoes,
 gebrand"), anghoeriemán "kantstrepman in die abdolkataspel"
 (ook van Mal. angoes, volgens Franken), kierang of kurang of
koerang "skelm in spel" (Mal. tjoerang "oneerlik, vals"), loeka
 "gat in tol gekap" (Mal. loeka, "kwetsuur, letsel"), rampoén (Punt)
 (Mal. rampoeng "geskend deurdát die punt af is"), tjoema "vir niks,
 by albasterspel, teenoorgestelde van hou-hou" (Mal. tjoema id)
tramas "Eng. Time" (Mal. tramasoeh, "kom nie hier nie"). Portugees
 is net paka "vergoeding betaal, by albaster of knopesepl" (port.
pagar "betaal").

(3) Daar is 'n groep woorde wat waarskynlik vroeër, in die

Hoofstuk V.

Bolani altans, taamlik algemeen bekend was maar dier die veranderende kultuuromstandighede vinnig aan die verdwyn is. Dit het my opgeval dat die woorde wat ek hier by mekaar gebring het, almal selfst. nwe. is. Soms was dit moeilik om te beslis of 'n woord werklik hier tuishoort. As voorbeeld noem ek rankie. Die woord leef eintlik meer in die herinnering as in die werklikheid. Dit is waarskynlik veral Leipoldt se bekende gedig wat dit nog in die herinnering aan die lewe hou. Ek het gemeen dat ek dergelyke woorde hier moet onderbring; hulle is veral name van antiekwiteite. Vir die oorsigtelikheid maak ek 'n paar onderverdelings.

(a) Uit die spyslys:-

Maleis is laksel, pienang "kossort", Sambal en moontlik tempie. Portugees is (rys)brensie en tasal.

(b) Uit die plantewêreld:-

Maleis is Akkerwanie, jamboes, kaladie(blaar) en soetemaling.

Portugees is ramas en die leenvertaling vieruurtjies.

(c) Huis, kleding en maatskappy:-

Maleis is doerias "klerestof", kabaai, kajaboetie (olie), laksman "beul", sampiet "pypie om wyn uit vat te suig" (uit soempitan "blaaspyp").

Portugees is gorlet (beker), karmonk, kwispedoor, mandoor "voorman van werkvolk".

Dit is opmerklik dat ons in hierdie afdeling na verhouding heelwat meer woorde van Port. oorsprong het.

(V) Ons kom nou tot die woorde van Mal. en Port. oorsprong wat vandag nog 'n inherente deel van die Afr. woordeskat uitmaak. Dit wil nie sê dat al hierdie woorde oor die hele Afr. taalgebied versprei is of dat hulle almal ewe gebruiklik is in die gebiede waar hulle wel deel van die normale Afr. taal is nie. Dit sou 'n onmoontlike werk wees om van elke woord sy versprei-

Hoofstuk V.

dingsgebied en gebruiksfrekwensie presies vas te stel. Woorde soos baadjie of baie behoort tot die mees elementere deel van die Afr. woordvoorraad en word deur elke Afrikaans-sprekende feitlik elke dag gebruik; dit kan nie gesê word van woorde soos bobotie of katjiepiering nie--- hulle is seker veel gebruikliker in die Boland as sê in die Transvaal. Ons kan alleen sê dat die woorde wat ons hier saam groepeer, bekend sal wees by en by geleentheid ook gebruik sal word deur die gemiddelde Afrikaanssprekende. Maar ook hier is daar grensgevalle waar verskillende persone miskien verskillend sal oordeel. Ons maak weer onderverdelings terwille van die oorsigtelikheid.

(1) Die spens en die kombuis.

Maleis is atjar, blatjang, bobotie, borrie, kerrie, piering, rissie, sosatie.

Portugees is bredie, karba, spens.

(2) Die plantewêreld.

Maleis is katjiepiering, klaat, klapper, piesang, rottang.

Portugeesis bamboes, froetang, kiepersol, (oorspr. "sambreel), koejavel.

(3) Die dierwêreld.

Maleis is kaketoea, laksman (oorspr. "beul", aan die Kaap toegenas op die voël janfiskaal), loerie.

Portugees is die visname bager, bonyt, daeraad (uit dorado), halfkoord, tornyn, en die leenvertalings bamboesvis en perdevis;

die voëlname flamink, malgas, tarentaal, en die slang-koperkanel.

(4) Kleredrag en verwante.

Maleis is baadjie, oorkrabbetje.

Portugees is sambreel, tjalie.

(2)

Hoofstuk V.

of altans nie veel gebruik nie.

As ons let op die woorde wat onder die eerste vier afdelings val, sien ons dat die Port. woorde seldsaam is. Van hulle weet ons dat paara, kwispedor, mandoor en gorlet of seker of heel waarskynlik, al voor die einde van die 17de eeu in die Koloniale Nederlands bestaan het en dus nie as ontlening uit die slawetaal moet beskou word nie. Die aansienlike aantal Mal. woorde wat of net deur die slamsse gebruik word of veral onder Kleurlinggemeenskap aangetref is, is met uitsondering van enkele onder Afdeling IV, 3 (jamboes, kabaai, kajapoetie) nie in die vroeë Koloniaal-Nederlanse bronne aangetref nie. Hieruit moet ons aflei dat Maleis in die vroeë ingevoerde **nie-blanke** taal aan die Kaap 'n aansienlik belangriker rol gespeel het as Portugees.

In die woorde van Afdeling V. is die woorde van Mal. en Port. oorsprong byna gelykop verdeel, hoewel die Mal. woorde darem nog in die meerderheid is. Die ondersoek wat tot hier-toe van ou Nederlandse bronne gedoen is, het aan die lig gebring dat die oorgroot gedeelte van hierdie woorde al in die 17de- eeuse koloniale Nederlands bekend was. Hulle kon dus vroeg deel van die Afr. woordeskat word. Wat wel opvallend is, is dat die woorde wat volgens ons kennis van vandag wel aan die Kaap ontleen is, meer uit Port. as Mal. kom. Dit is eintlik in stryd met wat ons sou verwag. Of weeg een Mal. woord soos baie op teen 'n tiental minder belangrike woorde van Port. herkoms?

HOOFSTUK VI.

Uit al die gegewens van die taalkundiges en ander persone in onsloorsig gemeld, kan ons die meeste van die woorde van Mal. en Port. herkoms dateer. In sommige gevalle kan ons 'n min of meer presiese datum aangegee; in ander gevalle kan ons die ~~se~~ ouderdom in Afr. alleen binne 'n groter tydperk aandui. Dit is mmontlik om met heelwat sekerheid 'n skeiding tussen die woorde van vóór en ná 1652 te maak. Daarna kan ons nagaan watter woorde in die verskillende eeue bygekom het. Die datums wat hier aangegee word, is maar die vroegste optekening tot dusver ontdek --- miskien kan verdere bronnestudies vroeër bewysplase vir sommige woorde aan die lig bring. Ons moet ook in gedagte hou dat ons skriftelike materiaal nie so volop is nie en dat baie woorde miskien maar betreklik laat opgeteken is. Daar is ook woorde wat 'n besonderere beteknisverandering in Afr. ondergaan het of hier vervorm is, en oor hierdie aspek sê die datum vir die eerste optekening van 'n woord vir ons niks. Ek dink veral aan woorde soos halfkoord, koperkapel en tronk. Dat cobra de capello al vóór 1652 in Ned. bestaan het, sê nie eintlik iets vir ons koperkapel nie, 'n woord wat hier vervorm is tot 'n egte Afr. woord. Ons het baie bewysplase vir tronk, maar ons kan nie presies sê wanneer dit in die betekenis van gevangenis gebruik word nie. Selfs by Adam Tas is dit moeilik om te oordeel of tronk in die betekenis van "blok" of "gevangenis" gebruik word.

Al bemoeilik sekere faktore die datering, is daar tog kriteria wat ons daarmee behulpsaam is. 'n Mens moet versigtig wees om nie enige optekening van 'n woord as bewys vir die gebruik daarvan te aanvaar nie --- verwysing na 'n vreemde woord deur ou resigers is geen bewys dat die woord deel van sy woordeskat was nie. Dat Linschoten al vóór 1652 sê dat Oosterse vroue 'n hemp dra wat hulle baju noem, sê niks vir Ned. nie.

Dat daar woorde van Mal. en Port. is wat net tot die Boland beperk is, kan 'n aanduiding wees van die tyd wanneer die

woorde.....

Hoofstuk VI.

woorde in Afr. gekom het; maar die rede hiervoor kan òf wees dat die Bolandse woorde alleen Bolandse dinge noem, bv. vis - en voëlname (malgas, boniet, tambryn ens.) en produkte of plante (akkerwanie, froetangs, jamboes) of ^{dat} die sterk Oesterse groep in die Boland die woorde daar aan die lewe gehou het (bv. doepa paljas, trawal). Veel hulp kan ons dus nie hiervan kry deur te meen dat Bolandse woorde eers oorgeneem is nadat die koloniste begin trek het nie.

'n Hulp by datering van sommige woorde is egter die 19de eeuse versameling waarvan ons melding gemaak het. Daar is woorde wat eers vanaf Chaguion opgeteken is: ook is daar in elke versameling woorde opgeteken wat in geen vorige lys voorkom nie. In onse eeu is ander woorde opgeteken, en daar is selfs Maleise, of vermoedelik Maleise, woorde wat gebruik word maar nog nie opgeteken is nie.

Die kinderwoorde soos anghoes, pakka, tjoema, tramas ens. waarvan party van Changuion af opgeteken is, is ook maar laat woorde. Dit lei ons af uit die vorm wat nog taamlik onafrikaans is, en uit die maatskaplike ontwikkeling van die bevolking hier aan die Kaap. Die oorneem van die woorde deur Afrikaansspreekende kinders buite die Slamse gemeenskap sou eers geskied het toe daar 'n aansienlike aantal Slamse, Kleurling-enblanke kinders was, en eers toe hulle begin saamspeel het.

Wat woorde betref wat met die kombuis en eettafel te doen het, soos sosatie, bobotie, sou 'n mens kan aanneem dat hulle na 1657 in Afr. gekom het toe Slamse vroue in die kombuis gewerk het.

Verder kan ons die geval van afsonderlike woorde soms hul ouderdom bepaal, miskien deur hul beteknis of hul gebruiksfleer. 'n Woord soos ramkie sou eers aan die Kaap ontleen wees. Dit is vermoedelik 'n instrument wat die slawe uit die Ooste saamgebring het.

In die genoemde studies van Franken en Scholtz vind ons

bewysplase....

Hoofstuk VI.

bewysplase uit ou Kaapse stukke van baie Mal. en Port. woorde, selfs van die al voor 1652 bekend. Die belangrikheid van bewysplase vir woorde van vóór 1652 uit ou Kaapse stukke lê hierin dat hulle vir ons wys hoe die woorde deur die eeue voortgeleef het. In gevalle waar ons twyfel of 'n woord geerf is, versterk 'n bewysplaas van kort na 1652 die vermoede dat die koloniste dit geken het voordat hul hierheen gekom het.

Daar is 'n paar woorde wat by sommige mense die vermoede wek dat hul via Engels in Afr. gekom het. Bewysplase van vóór 1800 weerspreek dit in die geval van bottel, koelie, seroet tjap.

Bewysplase uit ou Kaapse stukke los ook twyfel op oor sekere woorde wat lyk na 17de eeuse dialektiese of basterwoorde. Boshoff meen dat basta 'n 17de eeuse basterwoord is, maar bewysplase deur Franken (Huis 9 Jan. 1931) opgeteken, leer dat basta uit Port. stam.

Hieronder gee ek nou woorde van vóór en ná 1652 aan.

(1) Indirekte ontlenings --- woorde van Mal. en Port. herkoms waarmee die koloniste hier aangekom het --- deur Boshoff "erfgoed" genoem. Hierby tel ek ook woorde wat by van Riebeeck voorkom:

(1) Vis-en voëlname: Toe die eerste blankes met Suid-Afrikaanse voëls en visse om die kus begin kennis maak het, moes hulle hul naam gee. Dit het die Portugese al begin doen, en hulle name het die koloniste oorgeneem boniet, daeraad, flamink, halfkoord, janbruim, (tambryn), kaketoea Mal. ghaaibout, loerie (Mal.), laksman (Mal.) makou (?), malgas parrie, pikkewyn.

(2) Plantenname: trombas (seehamboes), foela quater horas (vieruurtjies) disa en katjiepierung, een van die

kultuurwoorde. Hierdie woord is nie aan die Kaap ontleen nie, en daar is ook nie bewyse dat dit vóór 1652 onder Nederlanders bekend was nie. Dit is die Oosterse naam van 'n Oosterse blomsoort wat die Kompanje in hul beroemde tuin gekweek het. Uit hierdie tuin het die blom en sy naam die koloniste bereik.

(3) Stofname....

Hoofstuk VI.

(3) Stofname is handelsterme wat ons ^{as} erfgoed kan aandoem: geras, kassa (beide het egter weer verdwyn en het geen ingang gevind nie); bafta (alreeds in 1685 opgeteken).

(4) Produkte en ander artikels wat uit die handels taal van die 17de eeu kom: atjar, bamboes, going, jamboes, karba, kaladie, kapok, koejawel, katjiepoetie, lemmetjie, nartjie, pienang, piesang, gorlet, kapater, katel, piepersol, sambreel sambbrero, spens, tali. Heel moontlik oof kadjangoreng.

(5) Oosterse woorde vir Oosterse dinge ^{of} eienaardighede: baadjie, basaar, kabaai, koelie, mandoor, pondok, tjalie toeding; en verouderde of onbekende woorde:- amok, dorias, krits, parang, seroet, bonkessie.

(6) Ander: Baar en corlam (beide begryplike seemanswoorde), aia, baklei (Scholtz: "Leks. Aant." bl. 27), baljaar josie, koli soebat, tamaai, tjapy pikkenien .

Koperkapel en kraal moet nog by getel word, en pitjara vandag onder Slamse in gebruik en by Van Riebeeck al opgeteken as beschaeringe en in 1685 as pitsjaeringh.

(II.) Vóór 1700 vind ons al die volgende (dus moontlik vóór 1652 bekend); bafta (alreeds in I genoem), maskie, maaifoedie, piering, tronk (maar nog in oorspronklike betekenis as blok waaraan misdadigers gebind was). As maaifoedie so vroeg bekend was, moes maai vroeër in gebruik gekom het.

(III) Direkte ontlenings:

(1) 18de eeu: baie, basta, borrie, (nog as borri-borri), kondee, moe finjoe, nonnie, ramkie, tabee, tafelgenees --- kondee vandag onbekend. Die Oosterse visname sou die Slamse vissers vermoedelik bekend gemaak het: jandorie, oer-oer, ontong, panga tjokka.

(2) 19de eeu: koerang, tjoerang, tjakkie-tjakkie --- nêrens voor Changuion nie.

Abdolkata, akkelpienies, akkerwanie, ambraal, faikonta, gekempera, koeti-koeti, pamperlang, rappatjoepa, riewas-riewas,
rysbrensie....

Hoofstuk VI.

rysbrensie, sieal, tjoek-tjoek, tjoema --- nérens voor Mansvelt
nie; getjieta-getjoeta (volgens Franken, Huis 14 Nov. 1930,
by Voortrekkers).

bingo - Ons Klyntjie 1, (ii) 1896.

pagaai - Melt Brink: (Gysbert van Graan, bl. 47

maningha - ditto, bl 155.

Triepa - Leib^bbrant.

Ghoerœ - Leibbrant.

bredie - Lichtenstein (begin van die eeu, dus al vermoedelik
in die 18de eeu bekend.)

Was adolkata al in die tweede helfte van die eeu bekend, dan,
ook die woorde verbonde aan die spel, anghoes, anghoeriemán, tramas ;
en was hierdie kinderwoorde bekend plus tjoema, koeti, tjoek-tjoek
kurang (almal in albasterspel gebruiklik), dan ook ander kinder-
woorde aan die speletjies verbonde: fonk(s), loeka (s), pakka,
rampoen-punt, tampas, tjoek.

Ook méés die woorde wat du Toit in 1905 gee al van die 19de
eeu wees: froetangs, sammejoeka, sies, tassal.

(3) 20ste Eeu.

Vir die eerste keer opgeteken kry ons die woorde deur
Franken en Scholtz, bv. akkel, bantot.

Die topografiese benaminge en visserswoorde van Mal. en Port.
herkoms wat Franken al in 1930 aan die uitsterf gevind het, moes
al lankal onder die vissers bekend gewees het. Dit is woorde
wat nie eintlik buite die vissersgemeenskap sal versprei nie, en
hierdie terrein het vroeër nie taalstudente geïnteresseer nie,
sodat ons die ouderdom van die woorde nie sal agterkom nie. Franken
se doel met die optekening van die woorde is om te bewys hoe diep
in onse tyd daar oorblyfsels van Port. en Mal. voortbestaan het.
Hieruit lei ons dus af dat die woorde al oud moet wees.

GEVOLGTREKKINGS.

In vergelyking met die ontlenings uit ander tale waarmee Ned. aan die Kaap in aanraking was, is die getal ontlenings uit Mal. en Port. groot. By 'n beskouing van 'n lys van alle Mal. en Port. woorde in Afr. sal die onkritiese gees miskien tot haastige gevolgtrekkings geraak wat in stryd is met die werklikheid deurdat hy baie belangrike apsekte van die saak as geheel veronagsaam het. Om in herhaling te tree, die faktore waarmee vir 'n juiste oordeel rekening gehou moet word, is (1) die tyd van ontlening, (2) die aard van die materiaal ontleen, (3) die gebruiksfteer en die-frekwensie van die ontlenings.

In ons oorsig van die taaltoestande het ons duidelik die uitgebreide gebruik van Mal. en Port. oor 'n bretteklike lang periode leer ken, maar telykert d gesien dat daar nie veel bewys is vir die gebruik van die twee tale aan die Kaap gedurende die 17de eeu nie (miskien die beslissende tydperk vir die ontstaan van Afr.). As ons hierdie langdurige kontak in aanmerking neem, is die aantal Mal. en Port. in Afr. glad nie verbasend nie. 'n Ander faktor wat ons oordeel bepaal, is dat die oorgrote meerderheid van die Mal. en Port. woorde wat vandag in algemene Afr. bestaan, woorde is wat vóór 1652 in die Ned. seemans - of handelstaal bekend was. Daar het dus heel weining uit die mond van die Oosterse slawe gekom wat Afr. geword het, en van die weinige vind ons dat hul meestal van 'n soort is wat niks vir die beïnvloeding van een taal op 'n ander sê nie.

Tog kan die invloed van die Oosterse bevolkingselemente nie heeltemal ontken word nie. Dat jamboes, bamboes, katjie-piering ens. uit die Ned. Handelstaal in Afr. bly voortleef het en nie, Ned. nie (of miskien in heel beperkte gebruik), sê wel niks vir die invloed van die Oosterlinge nie, want dit is eerder

Gevolgtrekkings.

die gevolg van die klimaat-geskiktheid van die kaap waar hierdie produkte kon aard. Maar dat ander woorde soos baadjie, baklei, piering, pondok, soebat ens. nie ^{net} in Afr. bly voortbestaan het nie, maar veel gebruikte of selfs onmisbare woorde geword het, daarvoor moet ons die oorsaak soek in die samestelling van die Kaapse bevolking in vergelyking met die van Nederland waar genoemde woorde veel minder bekend of ongebruiklik is. Die teenwoordigheid van Costerlinge, onder wie die Mal. en Port. tale vir 'n lang tydperk van belang was, moes die gebruik van woorde van genoemde soort hier bestendig het.

Dit is dus eerder 'n saak van verwondering dat so min Mal. en Port. woorde hier aan die Kaap ontleen is. 'n Antwoord vind onsmiskien in die maatskaplike en politieke verhoudinge. Verkeer tussen volkere beteken beïnvloeding wat in die taal ook weerspieël word. Van hoe 'n aard was nou die verkeer aan die Kaap tussen koloniste en die nie-blanke groepe wat Mal. of krom-Port. as taal gebruik het of later krom-Ned. met elemente van Mal. en Port.?

Maatskaplik was hierdie verkeer die van slawe eienaar en slaaf --- hieruit vloei woorde soos paai, aia, nōi ens. (wel nie almal aan die Kaap ontleen nie, maar hier deur hierdie verhouding bestending), en spens --- en kombuiswoorde soos piering, bobotie, blatjang ens. wat uit dieselfde verhouding ontstaan het. Onder kinders sou die verkeer op 'n meer gelyke voet wees, en sou ons meer ontlenings en van 'n ander aard kan verwag. Dit is in werklikheid die geval.

Op die gebied van die handel vind ons die Slamse as vissers en vissmouse en lank het hulle die monopolie in hierdie bedryf ^ggehou. Begryplik is dus die visname in Afr. wat aan Mal. en Port. ontleen is. Maar die betreklike geslotenheid van hul bedryf sou verhoed het dat baie vissersterme en topoc-

70

Wervolgstrekkings.

grafiese benaminge van Mal. en Port. herkoms in Afr. oorgegaan het, want toe ander manne van die ander bevolkingselemente ook aan die visserbedryf begin deelneem het, was Mal. en Port. as taal vinnig aan die verdwyn.

In Ander faktor wat die Mal. en Port. invloed beperk het, is miskien hul geloof en kultuur wat so radikaal van die koloniste s'n verskil het.

'n Faktor deur Bosman beklemtoon en deur taalkundiges met instemming aanvaar, is dat tale van sosiale en politieke minderes weinig invloed op die van die meerdere het --- die inwerking geskied eerder van bo-af. Hierin sien ons dan ook 'n verklaring vir die slotson waartoe ons oorsig ons gebring het, nl. dat betreklik min woorde uit die mond van die Oosterse groepe opgeneem is, en wat ons wel van Maleis in ons woordeskat besit, grotendeels "erfgoed" is.

Ons meen nie dat met alles wat tot dusver oor die Mal. en Port. woorde in Afr. gesê is, die saak finaal beslis is nie, maar tog dat ons byna sover is as wat ons met hierdie saak sal kan kom. Soos met sommige taal-historiese vraagstukke is sekerheid maar betreklik en geld, waar bewyse ontbreek, die mees oortuigende argumente. Dit is veral die geval met ontlenings in Afr. om redes wat dikwels herhaal word.

In ons oorsig het ons gesien hoe van Hess. af ondersoek in skriftelike bronne al dieper en deegliker geword het. Wat die woordeskat betref, glo ek nie dat daar baie meer in hierdie rigting te doen is as wat Franken e.a. gedoen het nie. Dit beteken dat uit hierdie rigting nie veel meer sal kom wat die huidige stand van ons kennis van die Mal. en Port. woorde in Afr. radikaal kan verander nie. Dalk kan ons nog enkele voorbeelde van Mal. en Port. woorde wat vroeër gebruik is, kry, of 'n bewysplaas van gebruik, of die gebruik van 'n woord wat een of ander onsekere etimologie kan oplos.

Vervolgtrekkings.

Bosh. het veral Ned. skriftelike bronne van die 17de eeu en vroeër ondersoek, en uit hierdie rigting is ook nie veel meer te verwag nie.

Interessant sal dit miskien wees om die Oosterse woorde wat in Ned. sowel as in koloniale Ned. en party Europese tale bestaan, met die Oosterse woordvoorraad van Afr. te vergelyk. Amper 20 van die gebruiklike Mal. en Port. woorde in Afr. word vir Ned. deur Vercoullie: Etymologisch Woordenboek aangegee. Lokotsch het in Wörter Orientalischen Ursprungs nagegaan in watter Europese tale Oostere woorde voorkom, en hierin vind ons dat Afr. 'n aantal Oosterse woorde met ander Europese tale gemeen het, bv. basaar kom in Engels, Ned, Frans., Port., Spaans., Russies voor. So 'n vergelyking sal ons leer hoever ons van diepgaande invloed van Mal. of Afr. kan praat.

Die gegewens oor die vroeër taaltoestande aan die Kaap leer ons dat dit nou nie meer nodig is om argumente te soek om te wys hoe betreklik suiwer Ned. hier tot Afr. ontwikkel het nie, want gesien die gebruiksverhouding tussen Mal. en Port. aan die een kant en die kolonistetaal aan die ander kant, is dit 'n wonder dat die invloed nie dieper was nie.

~~XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX~~

BIBLIOGRAFIE.

- Aucamp, G. - Woordeskat en Woordherhaling (1932).
- Boshoff, S.P.E. - Volk en Taal van Suid-Afrika. 1921.
- Die Woordeskat van die Afrikaner (kultuur-geskiedenis van die Afrikaner, dl. II).
 - Etimologiese Woordeboek, 1936.
- Bosman, D.B. - Afrikaans en Maleis-Portugees. 1916.
- Oor die ontstaan van Afrikaans. 1923.
 - Die huidige stand van die ondersoek na die ontstaan van Afrikaans (ts. vir Wetenskap en Kuns, 6de Jg).
- Changuion, A.N.E. - De Nederduitsche Tall in Z.A. hersteld 1844.
- Coetzee, A. - Leengoed 1939.
- Du Plessis, I.D. - Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied. 1935.
- Du Toit, P.J. - Afrikaansche Studies 1905.
- Franken, J.L.M. - Die Taal van die Slawekinders en Formikasie met Slavinnie (ts. vir W. en K. Sept. 1927).
- Bydrae tot die Afrikaanse taal en Kultuur-geskiedenis (ts. vir W. en K., 5de Jg).
 - Afrikaans in die 19de Eeu (Die Huisgenoot, 1 Julie, 1927).
 - Portugees en Frans in die mond van Hottentotte. (Huis. 16 Mei. 1930).
 - Vertolking aan die Kaap in Mal. en Port. (Huis. 23 Mei, 27 Junie, 19 Julie 1930).
 - 'n Paar Raskwille (Huis. 17 Okt. 1930).
 - Maleise en Portugese Relikte aan die Kaap van vandag (huis. 24 Okt., 7 en 14 Nov. 1930).
 - 'n Bydrae tot 'n Afrikaanse Woordeboek (Huis. 9 Jan. 1931).
 - Uit die Lewe van Etienne Boniface (Annale van die Universiteit van Stellenbosch. April 1937).
- Hesseling, D.C. - Het Afrikaansch. 1899.
- Het Afrikaansch 2de, Hersiene uitgawe 1923.
- Kotze, C. van der Westerhuizen -
- M.L. Wessels se Bydrae tot die Studie van Kaaps-Hollands. (M.A. Skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1949).
- Kloeke, G.G. - Herkomst en Groei van Het Afrikaans 1950.

- Leibbrandt, H.C.V. - Woordelyste in Het Volksblad (bylae),
Julie 1882.
- Lokotsch, K. - Etymologisches Worterbuch Worter
Orientalischen Ursprungs. 1927.
- Louw, S.A. - Dialekvermenging en Taalontwikkeling 1948.
- Mansvelt, N. - Kaapsch - Hollandsch Idioticon. 1884.
- Meyer, H. - Die Spracke der Buren. 1901.
- Pettman, C. - Africanderisms. 1913.
- Scholtz, J. du P. - Boshoff se Etimologiese Wdb. (Ons Eie Boek
11, 2).
- Meurant se Afrikaans (Huis. 22 Aug. 1941).
- Uit die Geskiedenis van die Naamgewing van
Plante en Diere in Afrikaans. 1941.
- Bydrae tot die Geskiedenis van die
Afrikaanse Woordeskat (ts. V. W. en K.
Nov. 1935).
- Leksikologiese Aantekeninge uit ou Kaapse
Bronne (Ts. vir W. en K., Mei en Nov. 1947).
- Schonken, F. Th. - De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsch
Volksoverleveringen (Vertaling van
D. Fuldauer 1914).
- Schuchardt, H. - Artikel in Literaturblatt fur Germanische
und Romanische Philologie, 1885.
- Veth, P.J. - Uit Oost en West. 1889.
- Von Wielligh, G.R. - Ons Geselstaal. 1925.
- Van Rijn, C.J. - Het Zeer Nauwe Verband tussen het Afrikaansch
en het Nederlandsch 1914.
- Wessels, M.L. - Cape Dutch (Cape Monthly Magazine, Junie,
Julie, Aug. 1880).
- Yule en Burnwell. - Hobson-Jobson. 1903.
- Woordeboeke - Mayer, L. Th. : Mal-Holl. en Holl-Mal. Wdb. 1932
- Klinkert, H.C. : Nieuw Mal-Ned. Wdb. 1926.
- Van Ronkel, Ph. S. : Maleisch Wdb. 1930.
- Wilkinson, R.J. : A Malay-English Dict.
2 dle. 1932.
- Michaelis, H. : Neues Worterbuch der
Portugiesischen und
Deutschen Sprache. 1923.

-oooooooooooooooooooooooooooo-